



Die stand van sportafrigting in prioriteitsportsoorte by skole in die Dr. Kenneth Kaunda streek van die Noordwes Provinsie

C van der Merwe (11786132)

B.Sc. Hons (Sportwetenskap)

Die stand van sportafrigting in prioriteitsporsoorte by skole in die Dr. Kenneth Kaunda streek van die Noordwes Provinsie

C. Van der Merwe

11786132

Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Scientiae* in
die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-
Universiteit

Studieleier: Prof. D.D.J. Malan
Medestudieleier: Dr. Y. Willemse

November 2012

VOORWOORD

Baie dankie aan elkeen wat hierdie studie moontlik gemaak het. Sonder iedereen se besondere bydra sou hierdie studie nie in wording gekom het nie. Ek wil daarom graag die volgende persone bedank:

- Eerstens aan God wat my omstandighede sodanig verander het dat ek die tyd en die middele tot my beskikking gehad het om hierdie studie te kon doen. Mag Hy hierdie studie gebruik om die sport in Suid-Afrika te verbeter.
- Prof Dawie Malan wat as hoofstudieleier opgetree het. Sy entoesiasme en passie nie net ten opsigte van hierdie studie nie, maar vir die sport in die algemeen was inspirerend. 'n Groot dankie vir sy leiding te midde van 'n besonder druk program.
- Dr Yolandi Willemse wat as hulp-studieleier opgetree het en altyd bereid is om raad te gee en nooit geskroom het om die ekstra myl te gaan nie.
- Mev. Cecilia van der Walt vir die taalversorging van die studie.
- Mev. Anneke Coetzee vir die nagaan van die bronnelyste en hulp met die opspoor van artikels en boeke.
- Die personeel by die Ferdinand Postma biblioteek vir geduld, raad en vinnige terugvoer.
- Dr Suria Ellis van die Departement Statistiese Konsultasiedienste vir haar hulp, raad en insig tydens die opstel van die vraelys en die verwerking van die resultate.
- Die afrigters van Noordwes-Universiteit asook die Diploma in Afrigtingswetenskap studente wat gehelp het met die vasstelling van die geldigheid van die vraelys.

- Die Departement van Sport in die Noordwes provinsie. Byname Mnr. Chapatso wat toestemming verleen het vir die studie
- Die skoolhoofde en personeellede betrokke by die studie vir hulle bereidwilligheid en tyd te midde van 'n bedrywige skool kalender.
- My familie en vriende vir hulle belangstelling en ondersteuning
- My man, Chris, vir al sy ondersteuning, liefde en bemoediging. **Jy gee my vlerke!**

Die Skrywer

2012

VERKLARING

Die medeskrywer van die twee artikels, wat deel vorm van hierdie verhandeling, Prof. D.D.J. Malan (Studieleier) en Dr. Y. Willemse (Medestudieleier), gee hiermee toestemming aan die kandidaat, Mev. C. Van der Merwe om die twee artikels in te sluit as deel van die Meesters verhandeling. Die bydrae (adviserende en ondersteunende) van die mede-outeur is binne redelike perke gehou, om sodoende die kandidaat in staat te stel om hierdie verhandeling in te dien vir eksamendoeleindes. Hierdie verhandeling dien as vervulling van die vereistes vir die Magister Scientiae-graad in Sportwetenskap binne die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).



Prof. D.D.J Malan

Studieleier en medeskrywer



Dr. Y. Willemse

Medestudieleier en medeskrywer

OPSOMMING IN ENGELS

THE STATE OF SPORTS COACHING IN PRIORITY SPORTS FOR SCHOOLS IN THE DR KENNETH KAUNDA DISTRICT OF THE NORTH-WEST PROVINCE

Professionalism in sport and the standard of world-class performance is on the rise. The development of a country's sporting potential therefore is crucial (Martindale et al., 2007:187). In South African schools, sport is widely regarded as the basis of elite sport (Rajput & Van Deventer, 2010:159). Teacher-coaches are in most cases responsible for the development potential of this sport. These coaches are often not properly trained, while the most knowledgeable coaches are used at elite level (SASKOK 2011b: 12).

The aim of this study was to determine the current state of teacher-coaches' sport-specific training and playing- and coaching experience regarding sport coaching. Fifty four (54) schools from the Kenneth Kaunda district in the North-West Province of South Africa were available for this study. Questionnaires by Vosloo (2007) and Camiré (2012) were adapted for use in this study. One hundred and forty-four (144) questionnaires were used in the compilation of the results. The Epi-info program was used to capture the data. For analysing the data, frequency tables and cross-tabulations were used to obtain statistical ($p \leq 0.05$) and practical (Cramer's V-value) significance.

Only six (6) of the twelve (12) priority sports codes have a significant amount of sport-specific trained teacher-coaches. Most sport-specific training was completed more than five (5) years ago. In most sports codes the majority of teacher-coaches have less than 10 years' combined coaching- and participation experience. The transfer of quality coaching knowledge between coaches is questionable. It is mostly teacher-coaches with less than 10 years' experience that do not attempt to improve their coaching skills. Teacher-coaches in general also use few methods to improve their coaching skills.

Sport-specific training is needed in all types of schools (especially township- and farm schools) and in all priority sports codes. These teacher-coaches also require quality coaching mentors as well as exceptional and current sport-specific information.

Key words: school sports, teacher-coach, teaching, athlete development, coach development

OPSOMMING

DIE STAND VAN SPORTAFRIGTING IN PRIORITEITSPORTSOORTE BY SKOLE IN DIE DR KENNETH KAUNDA STREEK VAN DIE NOORDWES PROVINSIE

Professionalisme in sport en die standaard van wêreldklas-prestasie is aan die toeneem. Die ontwikkeling van 'n land se sportpotensiaal is dus van kardinale belang (Martindale *et al.*, 2007:187). Skolesport in Suid-Afrika word allerweë beskou as die basis van elite-sport (Rajput & Van Deventer, 2010:159). Onderwyser-afrigters is in die meeste gevalle verantwoordelik vir die ontwikkeling van sportpotensiaal. Hierdie afrigters is dikwels nie behoorlik opgelei nie, terwyl die mees kundige afrigters op elite-vlak (SASKOK, 2011b:12) gebruik word. Die doel van hierdie studie was om die huidige stand van onderwyser-afrigters se sportspesifieke opleiding en speel-en afrigtingondervinding met betrekking tot sportafrigting te bepaal.

Vier en vyftig (54) skole van die Kenneth Kaunda-distrik in die Noordwes-provinsie van Suid-Afrika was vir hierdie studie beskikbaar. Vraelyste deur Vosloo (2007) en Camiré (2012) is vir hierdie studie aangepas. Een honderd vier en veertig (144) vraelyste is gebruik vir die samestelling van die resultate. Die Epi-info-program is gebruik om die data te verwerk. Vir die ontleding van die data is frekwensietabelle en kruis-tabulering gebruik om statistiese ($p \leq 0,05$) en praktiese (Cramer se V-waarde) betekenis te verkry.

Slegs ses (6) van die twaalf (12) prioriteit sportsoorte het 'n beduidende aantal sport-spesifiek opgeleide onderwyser-afrigters. Die meeste sport-spesifieke opleiding is egter meer as vyf (5) jaar gelede ondergaan. In die meeste sportsoorte het die meerderheid onderwyser-afrigters minder as 10 jaar gekombineerde afrigting- en deelname-ervaring. Die oordrag van die kwaliteit afrigtingskennis tussen afrigters word ook bevraagteken. Dit is in die meeste gevalle onderwyser-afrigters met minder as 10 jaar afrigtingservaring wat geen poging aanwend om hulle afrigtingskennis te verbeter nie. In die algemeen maak onderwyser-afrigters ook van 'n beperkte aantal metodes gebruik om hulle kennis oor afrigting te verbreed.

Sportspesifieke opleiding is in alle tipes skole (veral township- en plaasskole) nodig, en ook in al die prioriteitsportsoorte. Hierdie onderwyser-afrigters sal baat vind by kwaliteit afrigter-mentors asook uitnemende en huidige sportspesifieke inligting.

Slutelwoorde: skolesport, onderwyser-afrigter, onderwys, atleetontwikkeling, afrigterontwikkeling

INHOUDSOPGAWWE

VOORWOORD.....	i
VERKLARING.....	iii
OPSOMMING IN ENGELS.....	iv
OPSOMMING.....	vi
INHOUDSOPGAWWE.....	viii
LYS VAN BYLAES.....	xi
LYS VAN FIGURE.....	xii
LYS VAN TABELLE.....	xiii

HOOFSTUK 1..... 1

PROBLEEMSTELLING EN DOELWITTE

1.1. Probleemstelling.....	2
1.2. Doelstellings.....	5
1.3. Hipotese.....	5
1.4. Uiteensetting van skripsie.....	6
1.5. Bibliografie.....	7

HOOFSTUK 2..... 9

DIE BELANGRIKHEID EN WAARDE VAN OPLEIDING, ERVARING EN MENTORINTERAKSIE VAN ONDERWYSER-AFRIGTERS

2.1. Inleiding.....	10
2.2. Die oorsprong en verloop van sport en sportafrigting in Suid-Afrikaanse skole.....	11
2.3. Elemente belangrik vir sportafrigting.....	13
2.3.1. Die belangrikheid van formele akademiese opleiding.....	14
2.3.2. Die belangrikheid van afrigtingservaring.....	16

2.3.3.	Die belangrikheid van afrigters se deelname-ervaring.....	18
2.3.4.	Die rol van mentors/mentorskap in afrigtingsopleiding.....	20
2.3.5.	Die belangrikheid van voortgesette opleiding van afrigters.....	22
2.4.	Die invloed van sportafrigting op die ontwikkeling van kinders se sportpotensiaal.....	26
2.4.1.	Oorsig van die ontwikkeling van kinders se sportpotensiaal.....	26
2.4.2.	Die Suid-Afrikaanse sportdeelname-ontwikkelingsmodel.....	27
2.4.3.	Onderwysers se geskiktheid as sportafrigters.....	30
2.5.	Samevatting.....	31
2.6.	Bibliografie.....	33

HOOFSTUK 3 **40**
DIE STAND VAN ONDERWYSER-AFRIGTERS SE OPLEIDING, ERVARING, MENTORINTERAKSIE EN VOORTGESETTE OPLEIDING IN SPORTAFRIGTING

Titelblad.....	42
Abstract.....	44
3.1. Inleiding.....	45
3.2. Metode.....	46
3.2.1. Ontwerp.....	46
3.2.2. Deelnemers.....	46
3.2.3. Vraelys.....	46
3.2.4. Insameling van data.....	47
3.2.5. Dataverwerking.....	48
3.3. Resultate.....	48
3.4. Bespreking.....	54
3.5. Bibliografie.....	55

HOOFSTUK 4 **58**
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING, AANBEVELINGS EN TEKORTKOMINGE

4.1. Samevatting.....	59
-----------------------	----

4.2. Gevolgtrekkings.....	61
4.3. Aanbevelings.....	62
4.4. Tekortkominge.....	63

LYS VAN BYLAES

BYLAAG A: Toestemmingsbrief.....	65
BYLAAG B: Vraelys.....	66
BYLAAG C: Inligting aan outeurs.....	83
BYLAAG D: Verklaring van taalversorger.....	87

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1	Langtermyndeelnemer-ontwikkelingsprogram.....	29
Figuur 3.1	Verdeling van ondersoekgroep.....	49
Figuur 3.2	Aantal afrigters opgelei per sportsoort.....	49
Figuur 3.3	Afrigtingservaring per tipe skool.....	50
Figuur 3.4	Vlak van onderwyser-afrigters se eie deelname-ervaring.....	51
Figuur 3.5	Mentorskap en afrigtingservaring.....	52
Figuur 3.6	Metodes van voortgesette opleiding volgens afrigtingservaring.....	53

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1	Uiteensetting van skooltipes na regstellings.....	47
Tabel 3.2	Riglyne om effekgrootte in kruistabulerings aan te dui.....	48
Tabel 3.3	Vlak van sportopleiding en resetheid daarvan.....	50
Tabel 3.4	Verband tussen afrigtingservaring en tipe skool.....	51
Tabel 3.5	Verband tussen mentorskap ontvang, mentorskap gebied en afrigtingservaring	52



Hoofstuk 1

Probleem en doel van die studie

1.1	PROBLEEMSTELLING	2
1.2	DOELSTELLINGS	5
1.3	HIPOTESE.....	5
1.4	UITEENSETTING VAN SKRIPSIE.....	6
1.5	BIBLIOGRAFIE	7

1.1 PROBLEEMSTELLING

Die opleiding van sportafrigters word internasionaal as 'n saak van erns beskou (Seegmiller, 2006:415; SASKOK (Suid Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee), 2011b:12). Daar word voorsien dat teen 2015, Suid-Afrika ongeveer 12 000 voltydse sportafrigters gaan benodig (SASKOK, 2011b:12). 'n Sportafrigter is in die meeste gevalle verantwoordelik vir tot 100% van die sportdeelnemer se voorbereidingstyd. Die suksesvolle en optimale ontwikkeling van die sportdeelnemer se potensiaal hang grootliks af van die kwaliteit en kwantiteit van inoefening asook die afrigter se vermoë om 'n omgewing te skep wat optimale leer en uitnemendheid bevorder (Baker *et al.*, 2003:4). Navorsing wat handel oor talentontwikkeling (Bloom, 1985:6 en Handford *et al.*, 1997:631) het gevind dat deskundiges soos sportafrigters 'n onmiskenbare rol vervul wanneer dit kom by die ontwikkeling van die mees kritieke komponente van die leerders se vorming. Dit is die kundige (afrigter) se verantwoordelikheid om prestasiedoelwitte te stel wat uiteindelik tot die verbetering van prestasie sal lei, en ook om toe te sien dat hierdie doelwitte bereik word, aldus Lyle (2002:40). Wanneer daar meer spesifiek na sport gekyk word, noem Trninić *et al.* (2009:99) dat die sportafrigter 'n leidende en bestuursrol vervul ten opsigte van die voorbereiding en ontwikkeling van die sportdeelnemer se genetiese potensiaal asook ten opsigte van die totale effektiwiteit van die sportdeelnemer in sy¹ spesialis-sportsoort. Dit vereis derhalwe dat die afrigter oor 'n bepaalde vlak van gerigte kennis van die spesifieke (sport) domein en inoefeningstruktuur moet beskik (Baker *et al.*, 2003:5).

Volgens Côté en Gilbert (2009:309) is 'n effektiewe en kundige afrigter 'n persoon wat sy of haar kennis effektief en suksesvol kan aanpas by die afrigtingsbehoefte sodat dit verandering by die sportdeelnemer kan laat plaasvind. Die ontwikkeling van beginner-afrigters tot effektiewe- en

kundige afrigters is deur verskeie navorsers ondersoek (Lynch & Mallett, 2006:19; Young *et al.*, 2009:398; Wilson *et al.*, 2010:383). Hulle het bevind dat 'n interaksie van gebeurtenisse in formele opleiding, praktiese afrigting, eie deelname aan sport en mentorskap, relevant is vir die suksesvolle ontwikkeling van afrigters. Ter aansluiting hierby het Wilson *et al.* (2010:383) gevind dat afrigters hulle kennis verder verbreed deur addisionele inligting te bekom deur middel van die bywoning van afrigtingsklinieke, die lees van boeke en die naslaan van inligting op die internet.

Côté (1999:401) het die ontwikkelingsfases van suksesvolle sportdeelnemers nagevors en dit in drie onderskeibare fases verdeel, naamlik die proefnemingsjare (ouderdomme 6 tot 13), spesialiseringjare (ouderdomme 13 tot 15) en die beleggingsjare (ouderdomme 15 en ouer). Hy wys ook op die belangrikheid daarvan dat sportdeelnemers tydens die spesialisering- en beleggingsjare op enkele sportsoorte moet fokus om sodoende die strategiese, kompetisie- en sportspesifieke vaardighede van die spesialissport te kan bemeester. Côté (1999:401) benadruk die feit dat sportdeelnemers deur al hierdie fases moet vorder alvorens sukses in sport behaal sal word. Hedstrom en Gould (2004:35), die outeurs van die Amerikaanse Witskrif oor navorsing in jeugsport, verklaar dat 'n goed opgeleide en ervare afrigter of onderwyser nodig is om tydens die spesialisering- en beleggingsjare die langtermyn- sistematiese ontwikkeling van 'n talentvolle individu te verseker. Navorsers soos Bloom (1985:509) en Handford *et al.* (1997:630) is dit met mekaar eens dat daar tydens die spesialisering- en beleggingsjare van sportdeelname op die tegniese bemeestering van die sport en uitnemendheid in vaardigheidsontwikkeling gefokus moet word.

Soos reeds genoem, word die spesialisering- en beleggingsjare vir die meeste sportsoorte beskou as synde van 13-jarige ouderdom af, waartydens die meeste sportdeelnemers hulle op hoërskool bevind. Vosloo (2007:201) se studie, wat sekondêre staatskole in Gauteng as ondersoekgroep gebruik het, het bevind dat die afrigting van sportsoorte soos rugby, netbal, hokkie, atletiek en krieket oorwegend deur vakonderwysers waargeneem word. Daar word van hierdie opvoeders verwag om as afrigters betrokke te raak by sport as buitekurrikulêre aktiwiteit, waarin hulle nie noodwendig gekwalifiseer is nie, of waartoe hulle nie gemotiveerd voel nie en dit in die meeste gevalle nie uit vrye wil doen nie (Vosloo, 2007:207). In skole wat oor die nodige toerusting en fasiliteite vir sportsoorte soos swem, skaak, sagtebal, raakrugby, tennis, roei

en basketbal beskik, word afrigters aangestel wat self aan dié sportsoort deelneem of deelgeneem het, maar nie noodwendig enige afrigtersopleiding of -ervaring in die betrokke sportsoort opgedoen het nie (Vosloo, 2007:208). In skole waar daar egter geen sport as buitemuurse aktiwiteit aangebied word nie, het onderwysers aangedui dat die leerders wat aan sport wil deelneem of afgerig wil word, vir hulleself moet sorg deur sport by gemeenskapsentrums of by ander skole te beoefen (Van Deventer, 2008:142).

Die South African Qualifications Authority (SAQA, 2006) wys daarop dat onderwysopleiding in Suid-Afrika nie sportopleiding insluit nie. Daar kan derhalwe verwag word dat talentvolle sportdeelnemers weens die gebrek aan effektiewe afrigting op skoolvlak moontlik nooit tot hul volle sportpotensiaal sal ontwikkel nie. Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA) se visie is: ‘An Active and Winning nation’ (SRSA, 2011:11). Volgens die (SASKOK, 2011a:2) is hierdie visie tweeledig van aard deurdat dit daarop ingestel is om massadeelname aan die een kant en elite-prestasie aan die ander kant te help bevorder. Dit is gevolglik te verstane waarom SRSA se strategiese plan die doelwit stel om te verseker dat skolesport in alle skole in die land aangebied moet word (SRSA, 2011:22). Skole het dus die taak om sport binne die bereik van alle leerders te plaas en dié wat talentvol is, te identifiseer en die geleentheid aan hulle te bied om optimaal op hierdie gebied te kan ontwikkel. Hiermee saam erken SRSA (2011:16) dat afrigting een van die sleutels is tot enige suksesvolle sportsisteem. Die suksesvolle ontwikkeling van skolesport stel gevolglik ook die ontwikkeling van suksesvolle afrigters as prioriteit.

Suid-Afrika beskik oor ’n groot poel potensieel uitnemende sportsterre, maar daar is weinig diepte in Suid-Afrikaanse sport, omdat daar geen betekenisvolle prosesse bestaan om sportdeelnemers tot uitnemendheid te begelei nie, aldus Durand (2009:17). Deel hiervan is ’n goed opgeleide en effektiewe sportafrigterskorps. Deelnemers se enigste blootstelling aan afrigters is soms slegs op skool- en klubvlak, terwyl die kundigste afrigters op elite-vlak en vrywilligers op ontwikkelingsvlak afrig, waar die kwaliteit en opgeleide afrigters eintlik die nodigste is (SASKOK, 2011b:12). Indien die kwaliteit van afrigters wat leerders afrig, verbeter kan word, kan meer sportsterre in ons land dalk na vore tree.

Dit sal ’n growwe veralgemening wees om te aanvaar dat alle afrigters in alle skole nie voldoende toegerus is om goeie afrigters te wees nie. In die lig van die gestelde agtergrond hierbo word die volgende vraag gestel: Wat is die huidige stand van sportafrigting op skoolvlak? Weens die

omvang van hierdie vraagstuk sal dit egter slegs beperk word tot 'n gedeelte in die Noordwes Provinsie (verwys na bl.6, paragraaf 4.3). Met hierdie navorsing word derhalwe gepoog om die vraag te beantwoord of afrigters op skoolvlak oor die nodige sportspesifieke opleiding, afrigtingservaring, deelname-ervaring en mentor-interaksie beskik. Daar sal ook gepoog word om die vraag te beantwoord rakende watter metodes afrigters volg en watter hulpmiddele hulle gebruik om hul afrigtingsvaardighede te ontwikkel. Die bevindinge van hierdie opname kan vir die Departement van Basiese Onderwys, SRSA, SASKOK en ook die Noordwes Provinsie nuttig wees om die stand en kwaliteit van die afrigterskorps op skoolvlak tot hulle beskikking te hê en dienooreenkomstig te kan optree.

1.2 DOELSTELLINGS

Volgens navorsing (verwys na bl.3, paragraaf 1) is afrigters se formele opleiding praktiese afrigtingservaring, eie deelname aan sport, mentorinteraksie en die benutting van bykomstige inligting om afrigtingskennis te verbreed van kardinale belang om doeltreffende afrigters te kan wees.

Die doel van hierdie studie is dus om vas te stel of onderwysers wat prioriteitsport in skole afrig:

- wel formele, sportspesifieke opleiding in die betrokke sportsoort(e) waarvan hulle die afrigter is, ontvang het, en ook wanneer hierdie kursus(se) voltooi is al dan nie;
- afrigtingservaring het in die sportsoort(e) wat afgerig word, asook die vlak waarop hierdie ervaring opgedoen is en die aantal jare op elke spesifieke vlak;
- self aan sport deelgeneem het, op welke vlak die deelname was en die aantal jare wat op afsonderlike vlakke deelgeneem is, al dan nie;
- deur 'n mentor gelei was/word of moontlik self as mentor optree vir ander afrigters; en
- gebruik maak van verskeie metodes om verdere sportgerigte inligting te verkry om hulle toe te rus en sodoende hulle vaardighede as afrigter te verbeter.

1.3 HIPOTESE

Hierdie studie berus op die volgende hipoteses:

- Onderwyser-afrigters beskik nie oor sportspesifieke kwalifikasies nie;
- Onderwyser -afrigters beskik nie oor meer as 10 jaar afrigtingservaring nie;

- Onderwyser -afrigters het nie self vir meer as 10 jaar en ook nie op hoë vlak aan sport deelgeneem nie;
- Onderwyser -afrigters maak nie van mentorinteraksie gebruik nie en
- Onderwyser -afrigters maak nie gebruik van alternatiewe bronne om hulle kennis as sportafrigter te verbreed nie.

1.4 UITEENSETTING VAN SKRIPSIE

Hierdie verhandeling word in artikelformaat aangebied. Die struktuur van die verhandeling sien soos volg daar uit:

- | | |
|------------|---|
| Hoofstuk 1 | Probleem en doel van die studie |
| Hoofstuk 2 | Literatuuroorsig: Die belangrikheid van sportgerigte ervaring en -opleiding van afrigters vir skoolgaande sportdeelnemers |
| Hoofstuk 3 | Artikel: Die stand van onderwyser-afrigters se opleiding, ervaring, mentorinteraksie en voortgesette opleiding in sportafrigting. (African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance.) |
| Hoofstuk 4 | Samevatting, gevolgtrekkings, aanbevelings, leemtes en tekortkominge. |

1.5 BIBLIOGRAFIE

Baker, J., Horton, S., Robert-Wilson, J. & Wall, M. 2003. Nurturing sport expertise: factors influencing the development of elite athletes. *Journal of sport science and medicine*, 2:1-9, 01 Mar.

Bloom, B.S. 1985. Developing talent in young people. New York: Ballantine Books.

Côté, J. 1999. The influence of the family in the development of talent in sport. *The sport psychologist*, 13(4):395-417.

Côté, J. & Gilbert, W. 2009. An integrative definition of coaching effectiveness and expertise. *International journal of sports science and coaching*, 4(3):307-323.

Durand, C. 2009. Twelve medals in 2012. *Your sport*, 2:16-17.

Handford, C., Davids, K., Bennett, S. & Button, C. 1997. Skill acquisition in sport: some applications of an evolving practice ecology. *Journal of sport sciences*, 15:621-640.

Hedstrom, R. & Gould, D. 2004. Research in youth sports: critical issues status: white paper summaries of existing literature. <http://www.up2us.org/uploads/reports/outside%20resources/research%20in%20youth%20sports-critical%20issues%20status.pdf> Date of access: 5 May. 2011.

Lyle, J. 2002. Sports coaching concepts: a framework for coaches' behaviour. London: Routledge.

Lynch, M. & Mallett, C. 2006. Becoming a successful high performance track and field coach. *Modern athlete and coach*, 44(2):15-20.

SAQA (South African Qualifications Authority). 2006. University diploma: Education: Secondary. <http://allqs.saqa.org.za/search.php> Date of access: 16 Sept. 2011.

SASKOK (Suid Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee). 2011(a). South African sport for life long-term participant development (Resource paper V3). <http://www.srsa.gov.za> Date of access: 29 Sept. 2011.

SASKOK (Suid Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee). 2011(b). South African coaching framework consultation document: model for long term coach development. <http://hp.sascoc.cp.za/files/2011/06/lbcd-consultation-document-version-2.pdf> Date of access: 5 Dec. 2011.

Seegmiller, J.G. 2006. Perceptions of quality for graduate athletic training education. *Journal of athletic training*, 41 (4):415-421.

SRSA (Sport and Recreation South Africa). 2011. Strategic plan 2011 – 2015. <http://www.srsa.gov.za/medialib/home/documentlibrary/2011-2015%20srsa%20stratplan.pdf> Date of access: 26 Jul. 2011.

Trninić, V., Papić, V. & Trninić, M. 2009. The role of expert coaches in the development of top-level athletes' careers in individual and team sports. *Acta kinesiologic*, 3(1):99-106.

Van Deventer, K.J. 2008. Perceptions of life orientation teachers regarding the implementation or the learning area in grades 8 and 9: A survey in selected Western Cape high schools. *South African Journal for research in sport, physical education and recreation*, 30(2): 131-146.

Vosloo, J.J. 2007. Bestuursopleiding vir skoesport in Gauteng. Universiteit van Johannesburg. (verhandeling – M.A.).

Wilson, L.M., Bloom, G.A. & Harvey, W.J. 2010. Sources of knowledge acquisition: perspectives of the high school teacher/coach. *Physical education and sport pedagogy*, 15(4):383-399.

Young, B.W., Jemczyk, K., Brophy, K. & Côté, J. 2009. Discriminating skilled coaching groups: quantitative examination of developmental experiences and activities. *International journal of sports science and coaching*, 4(3):397-414.

¹ Vir doeleindes van hierdie dokument, tensy die teendeel uit die konteks blyk, sluit enige verwysing na een geslag die ander geslag in, en andersom.



Hoofstuk 2

Die belangrikheid en waarde van sportpesifieke opleiding, ervaring en mentorinteraksie van onderwyser-afrigters

2.1	INLEIDING	10
2.2	DIE OORSPRONG EN VERLOOP VAN SPORT EN SPORTAFRIGTING IN SUID-AFRIKAANSE SKOLE	11
2.3	ELEMENTE BELANGRIK VIR SPORTAFRIGTING.....	13
2.3.1	DIE BELANGRIKHEID VAN FORMELE AKADEMIESE OPLEIDING.....	14
2.3.2	DIE BELANGRIKHEID VAN AFRIGTINGSERVARING	16
2.3.3	DIE BELANGRIKHEID VAN AFRIGTERS SE DEELNAME-ERVARING	18
2.3.4	DIE ROL VAN MENTORS/MENTORSKAP IN AFRIGTINGSOPLEIDING	20
2.3.5	DIE BELANGRIKHEID VAN VOORTGESETTE OPLEIDING VAN AFRIGTERS	22
2.4	DIE INVLOED VAN SPORTAFRIGTING OP DIE ONTWIKKELING VAN KINDERS SE SPORTPOTENSIAAL	25
2.4.1	OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN KINDERS SE SPORTPOTENSIAAL	25
2.4.2	DIE SUID-AFRIKAANSE SPORTDEELNAME-ONTWIKKELINGSMODEL	27
2.4.3	ONDERWYSERS SE GESKIKTHEID AS SPORTAFRIGTERS.....	30
2.5	SAMEVATTING	31
2.6	BIBLIOGRAFIE	33

2.1 INLEIDING

Suid-Afrika beskik oor 'n groot poel potensieel uitnemende sportsterre, maar daar is weinig diepte in Suid-Afrikaanse sport, omdat daar geen betekenisvolle prosesse bestaan om sportdeelnemers tot uitnemendheid te begelei of af te rig nie, aldus Durand (2009:17). Ter aansluiting hierby stel Suid Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK) dat in die meeste gevalle die enigste blootstelling van sportdeelnemers aan 'afrigters slegs dit is wat op skool- en klubvlak voorkom (in baie gevalle nie na behore opgelei nie) (SASKOK, 2011b:12). 'n Verdere tekortkoming is dat die kundigste afrigters op elite-vlak aangewend word terwyl vrywilligers op die ontwikkelingsvlak afrig – die vlak waar kwaliteit en opgeleide afrigters eintlik die nodigste is (SASKOK, 2011b:12).

Dit is vir afrigters egter moontlik om met die nodige opleiding en mentorskap van beginner-afrigters tot effektiewe en kundige afrigters te beweeg (Lynch & Mallett, 2006; Young *et al.*, 2009; Wilson *et al.*, 2010). Volgens Lynch en Mallett (2006:18) ontwikkel afrigtingsvaardighede wanneer 'n afrigter direkte praktiese afrigtingservaring opdoen, aan mentorskap blootgestel word en ook formele afrigteropleiding ondergaan. Wilson *et al.* (2010:394) voer aan dat formele sportspesifieke opleiding die afrigter van die nodige kennis in sportwetenskaplike beginsels en liggaamsopvoedingspedagogie voorsien. Ruim deelname aan sport tydens die afrigter se jeug en ook as jong volwassenes lê volgens Lynch en Mallett (2006:18) die grondslag vir kennis en begrip van afrigting en die afrigtingsproses. Suksesvolle afrigters wend verder ook daadwerklike pogings regdeur hul loopbane aan om bykomstige kennis en vaardighede te bekom (Young *et al.*, 2009:408). Boeke en die internet is onder andere as hulpmiddele uitgewys wat deur afrigters aangewend kan word om hulle afrigtingskennis te verbreed (Wilson *et al.*, 2010:396).

Die uitbreiding van afrigtingskennis stel die afrigter derhalwe in staat om die standaard van sorg, gesondheid, prestasie en veiligheid van deelnemers te verbeter (NASPE (National Association for Sport and Physical Education), 2008:155). Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA) erken ook dat kwaliteit afrigting een van die sleutels is tot enige suksesvolle sportsisteme. Die suksesvolle ontwikkeling van skolesport stel gevolglik ook die ontwikkeling van suksesvolle afrigters as prioriteit (SRSA, 2011:22). Vervolgens 'n literatuurbespreking oor tersaaklike aspekte wat verband hou met die geskiedenis, tekortkominge en elemente ter ontwikkeling van sportafrigting.

2.2 DIE OORSPRONG EN VERLOOP VAN SPORT EN SPORTAFRIGTING IN SUID-AFRIKAANSE SKOLE

Die eerste vorm van kompeterende, formele en georganiseerde sport kan so ver terug as 776VC tydens die eerste antieke Olimpiese Spele nagespeur word (McComb, 2004:13). Die vroegste verwysing na afrigting word in die Griekse mitologie gevind. Homer, wat in die agste eeu VC geleef het, se epiiese gedig, 'Iliad', handel oor die gebeure wat tydens die Trojaanse oorlog afspeel. In hierdie gedig word beskryf hoe Antilochos, 'n 'charioteer' se pa Nestor, hom instruksies gee oor 'n wedren tydens begrafnispele (Lehmann, 2009:188). Dit blyk derhalwe dat die Grieke goed vertrou was met die idee om van afrigters gebruik te maak om

deelnemers vir kompetisie voor te berei. Die Spartane het ook afrigters gebruik om Spartaanse seuns wat op 'n jong ouderdom aan die staat toevertrou is, vir oorlogvoering op te lei (van Lill *et al.*, ?). Dit is al van antieke tye af dan die opvatting dat die grondslag van enige land se sportaktiwiteite in sy jeug (skole) lê, aldus Davies (1986:352).

In die antieke tye, en ook tydens die Victoriaanse en die Edwardiaanse era, het afrigters hoofsaaklik hulle kennis geput uit die ervaring en kennis wat oor jare binne die afrigtingsgemeenskappe ontwikkel het en van een afrigter na die volgende oorgedra is (Day, 2011:189). Kennis en ervaring wat in afrigtingsgemeenskappe ontwikkel en na die volgende generasie oorgedra word, speel vandag steeds 'n belangrike rol (Day, 2011:188) en word in afdelings 2.3.2 en 2.3.4 in meer volledig bespreek. Dit blyk dat afrigting meer formeel en sistematies geword het namate deelname aan sportkompetisies uitgebrei en die velheid van kompetisie ook toegeneem het (Lehmann, 2009:192). Verder wys Maetozo (1971:158) daarop dat die formele opleiding van veral Olimpiese afrigters in die 20ste eeu logies en raadsaam is. Hy noem ook verder dat dit al sedert die 1930's aanbeveel word dat enige persoon wat as afrigter wil optree, 'n beplande professionele opleidingsprogram in afrigting moet deurloop. Die opleiding van onderwysers as afrigters kan ook hierby ingesluit word, aangesien sport sedert die middel- tot laat-negentiende eeu as opvoedingsmetode aangewend is (Rees & Miracle, 2006:277). Hierdie konsep is hoofsaaklik in Brittanje ontwikkel en is wêreldwyd as deel van die Britse koningryk se onderwysstelsel uitgevoer (Rees & Miracle, 2006:277). Suid-Afrika was ook 'n Britse kolonie en sportafrigting het sodoende ook deur die beleid van imperialisme na Suid-Afrikaanse skole oorgespoel (Stoddart, 2006:814).

Kinders van alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het voor die 1994 politieke demokratiese proses ongelukkig nie dieselfde geleentheid met betrekking tot deelname aan sport en sportafrigting in die onderwysstelsel gehad nie (Blumfield, 2008). Hierdie ongelykheid het daartoe gelei dat sogenaamde 'nie-blanke' skole swak fasiliteite en 'n gebrek aan sportkundige personeel gehad het en sommige onderwysers sport as tydverspillend beskou het (Davies, 1986:360; Booth, 1992:203). Alhoewel daar sedert 1994 verskeie kurrikulumveranderinge voorgekom het, het daar in die nuwe Suid-Afrikaanse demokrasie min transformasie, verandering en normalisering in skolesport plaasgevind (Rajput & Van Deventer, 2010:157). Groot verskille is steeds te bespeur tussen voormalige 'Model-C' skole en voorheen benadeelde skole se sportbeoefening, -

fasiliteite en -afrigting (Rajput & Van Deventer, 2010:157). Hierdie toestand bring mee dat nie alle sporttalentvolle leerders geïdentifiseer en by die nodige ontwikkelingsprogramme ingeskakel kan word nie (Rajput & Van Deventer, 2010:159). In die lig daarvan dat skolesport in Suid-Afrika as die fondasie van elitesport beskou kan word (Rajput & Van Deventer, 2010:159), is dit gevolglik te verwagte dat SRSA in hul 2011-2015 Strategiese Plan dit ingeskryf het dat daar toegang tot sport in alle skole moet wees, ligas ingestel moet word en dat afrigters en tegniese beamptes behoorlik opgelei moet word (SRSA, 2011:31).

2.3 ELEMENTE BELANGRIK VIR SPORTAFRIGTING

Die kern van sportafrigting is gerig op die verbetering van 'n individu of 'n span se prestasievermoë (Lyle, 2002:38). Die European Coaching Council (ECC) (2007:5) verduidelik dat hierdie verbetering tydens onderskeibare fases van die deelnemer se loopbaan plaasvind en dat 'n afrigter nodig is om in hierdie opsig kundige begeleiding te verskaf. Volgens Lyle (2002:38) moet hierdie verbeteringe elemente soos algemene atletiese bekwaamheid en spesifieke vaardighede insluit ten einde vordering te verseker. Lyle stel verder voor dat vordering doelgerig en stelselmatig moet plaasvind en nie net die normale verloop van ontwikkeling en volwassewording moet weerspieël nie. Die sistematiese ontwikkeling van 'n deelnemer of span met gepaardgaande sportspesifieke voorbereiding het verder ten doel om die onvoorspelbaarheid van sukses tydens kompetisie te beperk (Lyle, 2002:38).

Die afrigter moet gevolglik syⁱⁱ kennis kan toepas om 'n optimale omgewing vir inoefening en kompetisie te skep. In hierdie omgewing moet vasgestelde take ontwerp en gekoördineer word om ontwikkeling van die deelnemer(s) te verseker (Côté *et al.*, 1995:9). In 'n poging om 'n bloudruk vir doeltreffende afrigting te ontwerp het navorsers soos Walsh (2004), Lynch en Mallett (2006), Côté (2006), Wilson *et al.* (2010) en Wiiman *et al.* (2010) die wese van afrigting ondersoek. Wilson *et al.* (2010:396) het byvoorbeeld gevind dat 'n verskeidenheid leersituasies tot die ontwikkeling van hoërskool-afrigters bydra. Onderwyser-afrigters ontgin afrigtingskennis uit pedagogie, psigologie en vaardigheidskursusse (Wilson *et al.*, 2010:396). Formele sportspesifieke opleiding word deur Lynch en Mallett (2006:18) en ook Wilson *et al.* (2010:394) beskou as 'n belangrike bron wat die afrigter van die nodige kennis in sportwetenskappe en liggaamsopvoedingspedagogie voorsien. Lynch en Mallett (2006:18) voer ook aan dat afrigtingsvaardighede ontwikkel wanneer 'n afrigter direkte praktiese afrigtingservaring opdoen.

Wiiman *et al.* (2010:50) stel selfs voor dat afrigtingservaring opgedoen word wanneer 'n afrigter verskillende ouderdomsgroepe afrig. Hierdie ervaringe word opgedoen wanneer die afrigter proefondervindelike metodes toepas en leerondervinding hieruit opdoen. Navorsers (Côté, 2006:221; Lynch & Mallett, 2006:18) stel voor dat afrigters formele en informele leersituasies moet deurloop om afrigtingskennis op te bou. Hieronder word ondervinding as 'n deelnemer asook blootstelling aan mentorskap genoem. Ruim deelname aan sport tydens die afrigter se jeug en ook as jong volwassene is volgens Lynch en Mallett (2006:18) die grondslag vir kennis en begrip van afrigting en die afrigtingsproses. Côté (2006:221) beklemtoon verder die belangrikheid daarvan dat 'n afrigter ten minste 3 000 uur self aan sport moes deelgeneem het om 'n suksesvolle afrigter te wees. Suksesvolle afrigters wend verder ook daadwerklike pogings regdeur hul loopbane aan om bykomstige kennis en vaardighede te bekom (Young *et al.*, 2009:408). Boeke en die internet is onder andere as hulpmiddele uitgewys wat deur afrigters aangewend kan word om hulle afrigtingskennis te verbreed (Wilson *et al.*, 2010:396).

Elkeen van hierdie elemente word vervolgens afsonderlik bespreek om die belangrike rol uit te lig wat elkeen ter vorming van 'n afrigter speel.

2.3.1 DIE BELANGRIKHEID VAN FORMELE AKADEMIESE OPLEIDING

Die primêre doelwit van akademiese opleiding vir afrigters, is om kennis op te doen wat die genot, veiligheid en positiewe vaardigheidsontwikkel van deelnemers sal verseker (NASPE, 2008:156). SRSA is dit met NASPE eens dat afrigters en tegniese beamptes opgelei moet word in 'n poging om te verseker dat sport doelmatig by alle skole in Suid-Afrika beoefen word (SRSA, 2011:31). Die Amerikaanse "National Coaching Report" (NASPE, 2008:17) het reeds vroeër beklemtoon dat die sukses van só 'n opleidingsprojek van die kwaliteit van die volwasse leierskap wat daarby betrokke is, sal afhang. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat die afrigters wat by sportontwikkelingsprogramme vir die jeug betrokke is, oor die nodige opleiding en professionele ontwikkeling moet beskik of dit moet ondergaan alvorens sodanige persone by sportafrigting betrokke raak (NASPE, 2008: 156).

Daar word van die afrigter verwag om deur middel van opleiding oor genoegsame kundigheid en vaardighede te beskik sodat hy sy spesialiskennis kan toepas en oordeel kan gebruik om ook deelnemers se veiligheid aan die betrokke sport te verseker (Singh & Surujlal, 2010:112; Rossouw & Keet, 2011:24). Onderwyser-afrigters het volgens Singh en Surujlal (2010:109) 'n

geregtelike versorgingsplig teenoor deelnemers, aangesien die onderwyser in 'n posisie is om beheer oor die deelnemer uit te oefen. Rossouw en Keet (2011:15) noem dat die reg onkunde en onbekwaamheid opsigself as nalatig beskou. 'n Onbekwame afrigter is strydig met die Skolewet, die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, Departement van Onderwys se beleid en riglyne, sowel as die beginsels van die gemene reg (Singh & Surujlal, 2010:118). Dit is die skoolhoof en/of sportbestuurder se verantwoordelikheid om toe te sien dat geen onervare, swak gekwalifiseerde en minder kundige onderwyser-afrigters in posisies geplaas word waar hulle, volgens die versoek van die bestuur of ander individue of instansie, bo hulle opleidingservaring moet afrig nie (Rossouw & Keet, 2011:16). Onderwyser-afrigters behoort verder vaardig te wees om redelike stappe te kan doen deur toe te sien dat deelnemers wat onder hulle toesig is, van beserings weerhou sal word (Rossouw & Keet, 2011:11). Ter illustrasie hiervan kan die voorbeeld van 'n kontak sportsoort soos rugby voorgehou word. Viljoen (2003:66) wys daarop dat die "Australian Rugby Football Union" voorgestel het dat spelers vir bepaalde posisies in 'n span volgens fisiese bou gekies moet word. Verder moet spelers beseringsvry wees wanneer hulle gekies word om 'n wedstryd te gaan speel. Spesiale aandag moet volgens hierdie voorskrifte geskenk word daaraan om alle spelers se nekke, ledemate en rompspiere te versterk. Dit impliseer dat optimale prestasie afhang van die afrigter se vermoë om individuele spelers teen die moontlike gevare van posisionele spel voor te berei en 'n oordeel moet kan fel rakende die erns van 'n besering alvorens die deelnemer spel hervat (Viljoen, 2003:66).

Afrigters behoort volgens Le Roux en Pienaar (2001:185) ook oor sportpsigologiese vaardighede te beskik. Die juiste toepassing van hierdie vaardighede sal die verhouding tussen die afrigter en die deelnemer versterk en ook 'n positiewe invloed op die deelnemer se prestasie hê. Hierdie navorsers voer verder aan dat afrigters behoort te weet hoe om onder andere hulle deelnemers optimaal te motiveer en teen intimidering van die opponente en/of toeskouers voor te berei (Le Roux & Pienaar, 2001:188).

Daar word egter in Suid-Afrika nie wetlik van die onderwyser-afrigter verwag om aan dieselfde kwalifikasies as 'n professionele afrigter van provinsiale of nasionale vlak te beskik nie (Rossouw & Keet, 2011:15). Navorsers soos Abraham *et al.* (2006), NASPE (2008), Le Roux (2010), Rossouw en Keet (2011) asook Geartiny (2012) het die spesifieke kennis waarvoor sportafrigters moet beskik, ondersoek. Daaruit word voorgestel dat onderwyser-afrigters kennis

moet dra van die basiese beginsels van afrigting (wat fisiologie, anatomie, voeding en biomeganika insluit), basiese noodhulp, kennis van die betrokke sport se spelreëls en toegepaste sportpsigologiese beginsels. Trninić *et al.* (2009:104) stel voor dat sportafrigters ook kennis moet neem van die verskillende spesialiste wat op verskillende wyses hulp aan die sportprofessie verleen. Hieronder ressorteer onder andere sportwetenskaplikes, biokineticici, fisioterapeute, dieetkundiges en so meer. Indien 'n afrigter die wetenskaplike en positiewe bydrae wat elke dissipline tot 'n transdissiplinêre span lewer, kan integreer, sal die uitkoms daarvan die som van die afsonderlike dissiplines oorskry (Trninić *et al.*, 2009:104).

2.3.2 DIE BELANGRIKHEID VAN AFRIGTINGSERVARING

Formele opleiding is egter nie 'n waarborg vir kundigheid nie, en navorsers Schemp *et al.* (2006) en Cushion *et al.* (2003) is dit eens dat daar geen plaasvervanger vir ondervinding is nie. Volgens Cushion *et al.* (2003:211) is afrigtingskennis inherent kontekstueel en dinamies en ondervinding wat in die praktyk opgedoen word, help die student om nuwe inligting te evalueer en te bevraagteken. Ware, werklike-wêreld ondervindinge word as die belangrikste bron van kennis beskou, en Schemp *et al.* (2006:148) verwys selfs daarna as die belangrikste leermeester vir beginner-afrigters. Die omgewing waaraan 'n afrigter blootgestel is, sal die kwaliteit van sy afrigtingskennis en -ervaring bepaal (Cushion *et al.*, 2003:220). Hoe groter die verskeidenheid leerervaringe waaraan die beginner-afrigter blootgestel word, asook die reëlmatigheid daarvan, hoe meer vaardighede word aangeleer en hoe vinniger kan die afrigter ontwikkel (Schemp *et al.*, 2006:148). Volgens Gilbert *et al.* (2009:425) is dit selfs voordelig om 'n verskeidenheid sportsoorte af te rig.

Uitslae van navorsing wat die belangrikheid van ervaring tot uitnemende prestasies in verskeie domeine ondersoek het, stem ooreen, naamlik dat 10 jaar ondervinding (Côté & Gilbert, 2009:308) of 10 000 uur gefokusde, doelbewuste domeinverwante inoefening (Ericsson, 2008:992) nodig is vir wêreldklasprestasies. In die afrigtingsdomein het navorsers dieselfde tendens gevind: die vaardigheid en sukses van 'n afrigter word bepaal deur die aantal jare waarin sy vaardighede ontwikkel het (Schemp *et al.*, 2006:148; Côté & Gilbert, 2009:308). Klem moet egter gelê word op die ontwikkeling van vaardigheid tydens hierdie afrigtingsjare. Ericsson (2008:993) noem dat uitnemende werkverrigting nie bloot as gevolg van die ophoping van verskeie afrigtingservaringe geskied nie. Afrigters poog om kennis wat uit ervaring opgedoen is,

te konsolideer, en sodoende die aantal foute wat begaan word tot die minimum te beperk en die aantal suksesse wat bereik word, te vermeerder (Schemp *et al.*, 2006:148). Sommige afrigters sal 10 jaar se ervaring saamvat en sukses behaal, terwyl ander oor dieselfde tydperk 'n jaar se ervaringe tien keer sal herbeleef en geen ondervinding opdoen en dus geen vordering toon nie (Lynch & Mallett, 2006:20). Die afrigter sal slegs ondervinding uit die betrokke situasie opdoen indien hy introspeksie doen (Abraham *et al.*, 2006:560) en sinvolle interpretasies van die gebeurtenisse gemaak word (Cushion *et al.*, 2003:218). Schemp *et al.* (2006:148) stel voor dat die afrigter die huidige uitkoms met die ideaal vergelyk. Hy moet dan die nodige aanpassings in sy afrigtingsmetode maak om dit tydens 'n volgende geleentheid toe te pas. Hierdie eksperimenteringsproses word dan herhaal totdat die gewenste uitkoms bereik is. Die navorsers beweer dat hierdie proefondervindelijke benadering een van die belangrikste metodes is wat beginner-afrigters kan toepas om afrigtingservaring op te doen en strategiese kennis op te bou. Strategiese kennis stel die afrigter dan in staat om te kan onderskei tussen verskeie gepaste reaksies in 'n gegewe situasie. Die sportafrigter is derhalwe in staat om die ooreenkomste van die huidige situasie met 'n vorige soortgelyke situasie te vergelyk en hieruit die optimale oplossing saam te stel, aldus Schemp *et al.* (2006:150).

Die belangrikheid van ervaring en verbeterde kennis lê ook opgesluit in die feit dat sportafrigters vaardighede ontwikkel wat hulle in staat stel om minder tyd aan nie-afrigtingstake soos administrasie af te staan. Dit afrigter het nou die vaardigheid om meer tyd en aandag aan die ontwikkeling en verbetering van deelnemers se sportvaardighede te bestee (Schemp *et al.*, 2006:149). Wanneer 'n sportafrigter egter tevrede is met sy huidige vlak van werkverrigting en tydsbestuur sal bykomstige ervaringsgeleenthede nie die struktuur van die verwerfde vaardigheid verander nie, maar tot outomatisering daarvan lei (Ericsson *et al.*, 2005:298). Vordering word slegs verseker indien die ervaring wat opgedoen is, gekombineer word met goeie gewoontes soos nabetragting, dagboekhouding, professionele vergaderings en netwerking met ander afrigters (Schemp *et al.*, 2006:148). Indien sportafrigters nalaat om oor ervaringsgeleenthede te besin en dit te herinterpreteer, loop hulle gevaar om afgestomp te raak ten opsigte van nuwe kennis en insigte (Cushion *et al.*, 2003:224).

2.3.3 DIE BELANGRIKHEID VAN AFRIGTERS SE DEELNAME-ERVARING

Soos reeds vroeër genoem (paragraaf 2.2), was dit gedurende die negentiende en twintigste eeu algemene praktyk dat 'n deelnemer van sy afrigter leer hoe om af te rig. Hierdie kennis en beginsels is dan toegepas wanneer die deelnemer weer op sy beurt 'n afrigter word. Sodoende is proefondervindelike kennis oorgedra van een generasie afrigters na die volgende (Day, 2011:180). Volgens Lehmann (2009:200) geskied die oorskakeling van deelnemer na afrigter steeds so natuurlik soos in die verlede.

Hierdie 'natuurlike' oorskakeling van deelnemer na afrigter blyk verskeie voordele vir hierdie afrigters in te hou. Indien afrigters op 'n jong ouderdom aan 'n verskeidenheid sportsoorte deelgeneem het, is daar volgens Gilbert *et al.* (2009:427) ook 'n belangstelling en entoesiasme vir die sport gekweek. Deelnemer-afrigters ontwikkel 'n liefde vir die sport en die kompetendheid daarvan, wat dan weer na hulle eie deelnemers oorgedra word (Davies *et al.*, 2005:179). Volgens Dickson (2001:49) het afrigters, wat ook deelnemers was, 'n aanvoeling en meer begrip vir die nuanses van die sport. Implisiete kennis van die sport en die afrigtingsrol daarvan word ook op hierdie wyse opgedoen (Larkin *et al.*, 2007:2). Sportspesifieke kennis wat opgedoen is as deelnemer, sluit onder andere in kennis van die reëls, afrigtingsprosedures en tegniese vaardigheidsoefeninge, wat die afrigter dan later self tydens sy oefensessies kan aanwend (Dickson, 2001:11; Lemyre *et al.*, 2007:195; Wiiman *et al.*, 2010:54). Die deelnemer-afrigter beskik oor 'n groot bron van sportgerigte kennis waarop hy kan terugval as beginner-afrigter (Abraham *et al.*, 2006:560; Schemp *et al.*, 2006:148). Afrigters wat blyk oor die nodige sportspesifieke vaardighede te beskik dwing verder ook deelnemers se respek af. Hardin (2000:33) noem in hierdie verband dat deskundige afrigters op hoërskoolvlak die respek van hulle deelnemers geniet het wanneer hulle vaardigheidsoefeninge met vernuf kon demonstreer. Deelnemers het ook meer vertroue in afrigters wat begrip vir die deelname aan die sport toon (Werthner & Trudel, 2006:206). Die afrigters wat self aan sport deelgeneem het, toon meer empatie met hulle eie deelnemers as gevolg van hulle eie deelname-ervaring (Wiiman *et al.*, 2010:54).

Daar is verskeie voorstelle rakende die invloed wat die vlak van deelname-ervaring op afrigters-ontwikkeling het. Maetozo (1971:160) beveel aan dat afrigters wat op Olimpiesevlak afrig, op skool en kollege/universiteit aan sport moes deelneem. Gilbert *et al.* (2006:73) noem jare later

dat dit uit hulle studie voorkom of suksesvolle elitevlak-afrigters uitsonderlike vaardige deelnemers was en dat hulle ook aan minder sportsoorte deelgeneem het as afrigters wat slegs op hoërskoolvlak afrig. Hierdie elitevlak-afrigters het as deelnemers in 'n sportsoort gespesialiseer en ook die potensiaal getoon om op elitevlak te kompeteer. Larkin *et al.* (2007:4) asook Young *et al.* (2009:408) vind egter die teendeel. Larkin *et al.* (2007:4) wys daarop dat suksesvolle afrigters in hulle studie op verskeie vlakke en aan verskeie sportsoorte deelgeneem het. Uit Young *et al.* (2009:408) kom dit na vore dat klubafrigters uit hulle studie vroeër nie noodwendig aan sport deelgeneem het nie. Afrigters met hoëvlak-ervaring word ook nie noodwendig elitevlak-afrigters nie. Onderwyser-afrigters, volgens Wilson *et al.* (2010:389) se studie, het selfs ervaring as deelnemers op universiteitsvlak en hoër gehad, maar op laer vlakke afgerig. Young *et al.* (2009:408) noem verder dat daar ook nie sonder meer aanvaar kan word dat die beste deelnemers die beste afrigters sal maak nie. Dit wil voorkom of die vlak van deelname-ervaring nie 'n bepalende faktor is vir die sukses van afrigters wat op laer vlakke (byvoorbeeld skole) afrig nie.

Die aantal ure wat aan deelname afgestaan is, het egter 'n invloed op die sukses van 'n afrigter. Gilbert *et al.* (2009:427) toon aan dat daar 'n betekenisvolle korrelasie bestaan tussen tyd wat as deelnemer bestee is en die daaropvolgende geslaagdheid as afrigter. Côté (2006:221) se ondersoek na die standarde vir die ontwikkeling van afrigtingskennis stel voor dat die minimum standaard vir suksesvolle elite-afrigters 'n totaal van 3 000 uur deelname-ervaring vereis. Insgelyks noem Gilbert *et al.* (2006:72) dat deelname van ten minste 13 jaar as norm gestel moet word vir die ontwikkeling van 'n suksesvolle afrigter. Duisende ure se ervaring as 'n deelnemer in kompeterende sport word deur Larkin *et al.* (2007:2) aangedui as 'n voorvereiste vir die ontwikkeling van 'n suksesvolle afrigter. Die afrigters wat by Wright *et al.* (2007:141) se studie betrek is, het aangedui dat wanneer aspirant-afrigters as deelnemers aan 'n verskeidenheid afrigters blootgestel was, sodanige afrigters waarskynlik aan 'n hele aantal afrigtingsmetodes en -filosofieë onderwerp is waaruit die afrigters kon leer. Uit vorige ervaring as deelnemers kan afrigters ook oor afrigtingsideologieë en -beginsels besin wat as effektiewe afrigting beskou kan word en gevolglik hieruit hulle eie 'voorlopige' afrigtingsrepertoire ontwikkel (Cushion *et al.*, 2003:217; Gilbert & Trudel, 2005). Potrac *et al.* (2007:40) wys daarop dat opvattinge en oortuigings wat by ander afrigters waargeneem is tot vaste metodes ontwikkel waarvan kwalik afgesien kan word. Larkin *et al.* (2007:10) het aangedui dat die wyse waarop afrigters vroeër as

deelnemers afgerig is, 'n groot invloed het op hoe hulle in latere jare afgerig het. Dit is daarom ook belangrik om huidige deelnemers wat in afrigters van die toekoms sal ontwikkel, nou reeds aan kwaliteit sportprogramme en afrigters bloot te stel sodat die grondslag vir afrigtingsvaardighede van hoë gehalte gelê kan word (Côté, 2006:221).

2.3.4 DIE ROL VAN MENTORS/MENTORSKAP IN AFRIGTINGSOPLEIDING

Afrigters waarna Nash en Sproule (2009:126) en DeWeese (2012:121) verwys, het genoem dat benewens praktiese afrigtingservaring en vroeëre deelname-ervaring, gereelde ontmoetings met mentors die effektiwiteit van 'n afrigter laat verbeter. Volgens Day (2011:190) behoort mentorskap die vroeër genoemde oordrag van kennis van afrigter na deelnemer te vervang (sien 2.3.3) en sodoende die voortbestaan van die afrigtingsgemeenskap in hedendaagse afrigting te verseker. Day (2011:190) noem verder dat die belangrikheid van die bewaring van afrigtingskennis en die impak wat dit op die afrigtingsgemeenskap het, reeds deur die deskundige afrigters van die negentiende en die twintigste eeu bewys is. Die afrigtingsgemeenskap is verantwoordelik vir die voortbestaan van die kuns van afrigting, afrigtingsnorme, -ondervinding en -intuïsie. Deur mentorskap word die beginner-afrigter deel gemaak van 'n gemeenskap en leer hy die 'taal wat gepraat word' aan, asook die norme waarvolgens daar opgetree moet word. Die mentor word derhalwe as die bewaarder van kontinuïteit beskou (Walsh, 2004:177).

Die bedoeling van mentorskap in verskeie vakgebiede is om die vakleerling die verantwoordelikhede van die domein te help bemeester (Ericsson, 2006:685). Mentorskap moet volgens Jones *et al.* (2009:269) in samewerking met 'n vakleerling geskied, eerder as iets wat met 'n vakleerling gebeur. Sodoende word 'n belegging in die holistiese groei van die individu gemaak. Volgens Ericsson (2006:685) is dit die ideaal dat 'n individu, nadat hy formele opleiding ondergaan het, op sy vakgebied moet begin werk. Tydens die eerste maande in die praktyk moet hierdie vakleerling dan aan 'n meer ervare werknemer toevertrou word wat bevoeg is om as mentor te kan optree. Na verloop van tyd het die vakleerling ervaring onder leiding van 'n mentor opgedoen en behoort 'n aanvaarbare vaardigheidsvlak bereik te wees. Die vakleerling behoort met jare se domeinervaring later self tot 'n onafhanklike deskundige in eie reg te ontwikkel (Ericsson, 2006:685).

Mentorskap kan ook op die gebied van afrigting deskundiges van hoë gehalte oplewer (Jones *et al.*, 2009:268). Die proses van mentorskap in afrigting is deur onder andere Dickson (2001) en

Wright *et al.* (2007) nagevors. In beide gevalle word verskillende situasies aangedui waaronder mentorskap kan plaasvind. Dickson (2001:11) beskryf twee vorme van mentorskap. Die eerste metode verg dat daar 'n mentor aan die beginner-afrigter toegeken word en die beginner-afrigter die oefensessies van die ervare afrigter dan bywoon. Volgens die tweede metode werk die beginner-afrigter in sy eie omgewing en die mentor woon dan die beginner-afrigter se sessies by en gee leiding en ondersteuning (Dickson, 2001:11). Wright *et al.* (2007:140) bespreek twee ander tipes mentorskap. In die eerste situasie is die mentor tydens oefensessies en kompetisies in beheer van die assessering en monitering van die afrigter se afrigtingsmetodes. Wanneer die mentor hierdie rol vervul, is dit egter belangrik dat die mentor erken word as 'n kenner ten opsigte van die betrokke sport. Die tweede tipe mentorskap is dié waar die mentor 'n direkteursposisie inneem. Die hoof funksie van die mentor in hierdie posisie is dan om ontmoetings te reël waar hy verseker dat die beginner-afrigter al die nodige inligting en hulpmiddele het om sy span en/of deelnemer(s) effektief te kan afrig en bestuur (Wright *et al.*, 2007:140).

Uit bogenoemde navorsing blyk nie een van die tipes mentorskappe voorkeur te geniet nie. Wat wel van belang is, is dat mentors die beginner-afrigter in staat moet stel om die oorskakeling te maak van 'n basiese begrip na 'n hoër vlak van bekwaamheid (Irwin *et al.*, 2004:437). Mentors skakel ook die onnodigheid daarvan uit dat 'n beginner-afrigter van nuuts af begin en uit sy eie foute moet leer. By mentorskap word hierdie lesse deur 'n mentor aan die beginner-afrigter oorgedra (Erickson *et al.*, 2008:535). Mentor-afrigters word beskou as 'n bron van multidimensionele inligting wat met verskeie persoonlike veranderlikes geïntegreer word en eie is aan die bepaalde mentor (Irwin *et al.*, 2004:430). Die beginner-afrigter kry onder mentorskap die geleentheid om die mentor se kennis met sy eie tersaaklike akademiese kwalifikasie te integreer (Walsh, 2004:174). Teen die einde van 'n suksesvolle mentorskapverhouding is die beginner-afrigter daartoe in staat om sy kennis te kon verbreed en die beginner kan nou ook 'n meer dominante rol in die afrigtingsgemeenskap begin vervul (Nash, 2003:40). Suksesvolle mentorskap is deur beginner-afrigters wat aan mentorskap blootgestel is in verskeie studies bespreek (Walsh, 2004:177; Davies *et al.*, 2005:180; Nash & Sproule, 2009:126; Wilson *et al.*, 2010:394). Hierdie studies het aangedui dat mentors tydens beginner-afrigters se vormingsjare 'n betekenisvolle rol gespeel het. Beginner-afrigters skryf hul vroeë sukses as afrigters ook aan

mentorskap toe. Irwin *et al.* (2004:436) wys daarop dat mentorskap selfs uitgewys is as die belangrikste bron tydens die ontwikkeling van elite-afrigters.

Mentorskap bevoordeel egter nie net die beginner nie, maar ook die mentor (Walsh, 2004:177). Wanneer 'n afrigter as mentor optree is daar geleentheid vir die mentor om sy kennis in sy eie gedagtes te konsolideer voordat dit aan 'n vakleerling beskikbaar gestel word (Young *et al.*, 2009:409). Nash (2003:40) wys daarop dat mentors dit ook bevredigend gevind het om hulle invloedseer uit te brei en erken te word as afrigters wat 'n bydrae tot die voortbestaan van die afrigtingsgemeenskap as geheel lewer. Mentorskap dra ook by tot die ervaring wat deur die mentor self opgedoen word namate leiding gegee word. Hierdie stelling tree na vore in Young *et al.* (2009:409) se studie waarin hulle daarop wys dat meer ervare afrigters 'n groter aantal beginner-afrigters begelei het as minder ervare afrigters. Die mentor kan verder beïnvloed word deur nuwe idees en sienswyses, wat dikwels kenmerkend is by jong beginner-afrigters, wat bestaande praktyke met betrekking tot afrigting kan hervorm (Walsh, 2004:177). Alhoewel mentorskap 'n bron van noodsaaklike afrigtingskennis is, wys Irwin *et al.* (2004:430) daarop dat beginner-afrigters aangedui het hoe mentorskap hulle geïnspireer het om hulle kennis ook te verbreed.

2.3.5 DIE BELANGRIKHEID VAN VOORTGESETTE OPLEIDING VAN AFRIGTERS

Kennisontwikkeling is nie absoluut nie, en 'n persoon is nooit volleerd nie (Cushion *et al.*, 2003:220). Maetozo (1971:159), wat in die sewentigerjare aanbevelings gemaak het rakende die opleiding van afrigters op Olimpiese vlak, het die opmerking gemaak dat die ontwikkeling van afrigtersvaardighede 'n deurlopende proses moet wees. Hierdie siening word ook in onlangse studies ondersteun, soos aangeteken in Werthner en Trudel (2006:204) se gevallestudie en ook Wilson *et al.* (2010:394) se navorsing. Beide hierdie ondersoeke het bevestig dat 'n afrigter wat na uitnemendheid streef tot die insig moet kom dat die leerproses nooit beëindig moet word nie en dat afrigtingskennis gereeld vernuwe moet word. Volgens Ericsson *et al.* (2005: 297) moet doelbewuste pogings aangewend word om (afrigtings)-vaardighede te verbeter. Die sleutel tot werklik uitnemende en spesialis-werkverrigting lê opgesluit in die individu se motivering om kennis doelgerig en volhoubaar na te jaag (Ericsson *et al.*, 2005: 297).

Die reëlmaat waarmee inligting gesoek word en ook die tipe inligting wat verlang word, verander namate afrigters se akademiese kwalifikasies en afrigtingservaring verander. Santos *et*

al. (2010:68) vind egter dat beide groepe afrigters wat hulle as minder bevoeg en as meer bevoeg beskou, behoefte daaraan het om hulle kennis te verbreed. Die verskil in inligtingsbehoefte tussen beginner-afrigters (ongeveer tussen een en vier jaar afrigtingservaring) en ervare afrigters (hoëvlak-deelname-ervaring en vyftien jaar afrigtingservaring) is egter duidelik en kom ook in Wright *et al.* (2007:138) se studie voor. Hulle het gevind dat beginner-afrigters meer gereeld na inligting soek. Die inligting waarna beginners gesoek het, het meestal gehandel oor spesifieke oefeninge wat tydens sessies ingeoefen kan word. Die ervare afrigters het inligting wat betrekking het op hoe om oefensessies interessant te hou verlang, en ook meer gevorderde inligting wat verband hou met, onder andere, voeding, sportpsigologie en fisieke oefening. Alhoewel dit belangrik is om die spesifieke opleidingsbehoefte van afrigters te bepaal en onder die loep te neem, val dit egter buite die konteks van hierdie studie (Wright *et al.*, 2007:138).

Die redes waarom afrigters poog om hulle afrigtingsvaardighede te verbeter blyk ook uiteenlopend te wees. Volgens DeWeese (2012:122) is dit die elite-afrigter se verbintenis tot die sport en die begeerte om sy deelnemers se prestasieste te verbeter wat as een van die hoofredes aangedui word waarom hierdie afrigters ontvanklik is daarvoor om hulle afrigtingsvaardighede te verbeter. Vrywillige afrigters van jeugsport is meer geneig om verdere opleiding te ondergaan indien dit verwag word van die formele struktuur(ure) waaraan hulle verbonde is en die onderwerp van toepassing is op hul situasie (Vargas-Tonsing, 2007:29). Hierdie tendens word ook in Dörgö (2003:189); Ericsson *et al.* (2005: 295) en DeWeese (2012:121) se ondersoek waargeneem waar elite-afrigters hulle redes vir vaardigheidsverbetering aandui. Die rede waarom die spesialiskrag- en kondisioneringsafrigter uit Dörgö (2003:189) se gevallestudie die uitbreiding van sy vakkennis hoog op prys gestel het, is dat hy daarna gestreef om nie vorige foute te herhaal nie. Volgens DeWeese (2012:121) is deskundige afrigters studente van hulle betrokke sport wat konstant nuwe vaardighede bemeester. Dit is opmerklik dat wanneer 'n persoon die behoefte toon om sy vaardighede bo die huidige vlak te verbeter word die vraag na kennis groter namate meer kennis ingewin word en bereik die persoon nie noodwendig 'n versadigingsvlak nie (Ericsson *et al.*, 2005:297).

'n Persoon wat uiteindelik die hoogste sport op sy vakgebied wil bereik, moet verhoed dat stagnasie plaasvind (Ericsson *et al.*, 2005:295). Die afrigtingsvakgebied groei voortdurend en afrigters moet toegang hê tot hierdie kennis en beste praktyke om sodoende kontinuïteit in hul

kennis en ontwikkeling as afrigters te verseker (Santos *et al.*, 2010: 68). Die metodes wat afrigters toepas om inligting in te win is uiteenlopend van aard en 'n wye verskeidenheid bronne word gebruik om afrigtingsprobleme op te los. Die gewildste bronne wat in verskeie studies na vore gekom het, is in die eerste plek soektogte op die internet (Dörgö, 2003:189; Werthner & Trudel, 2006:207; Vargas-Tonsing 2007:30; Wright *et al.*, 2007:137; Wilson *et al.*, 2010:394;). Die internet kan onder andere aangewend word om asinkroniese interaksie met ander afrigters op aanlynforums te hê (Wright *et al.*, 2007:137). Verder kan 'n groot aantal afrigtingsinligting op webwerwe verkry word, nuwe oefeninge kan bekom en uitgeruil word en eie oefeninge kan uitgewerk en deur middel van animasie getoets word (Wright *et al.*, 2007:138; Wilson *et al.*, 2010:390). Daar is egter ook gepaardgaande nadele aan die gebruik van die internet verbonde. Onder andere kan die gehalte van die inligting wat op aanlynforums verskyn, bevraagteken word (Wright *et al.*, 2007:137). Daar is ook besorgdheid oor die tydrowendheid van inligtingsinsameling op die web (Wright *et al.*, 2007:139).

Die lees van en naslaan in boeke (Dörgö, 2003:189; Irwin *et al.*, 2004: 434; Wright *et al.*, 2007:134; Wilson *et al.*, 2010:394), professionele tydskrifte en nuusbriewe (Dörgö, 2003:189) dien ook as inligtingsbronne wat afrigters kan benut. Volgens Wilson *et al.* (2010:396) word afrigtersbiografieë, afrigtingshandboeke en sportspesifieke boeke ook gebruik waarin inoefeningstegnieke en afrigtingspraktyke nageslaan kan word (Wilson *et al.*, 2010:396).

Die bywoning van konferensies (Dörgö, 2003:189), afrigtingsklinieke (Dörgö, 2003:189; Irwin *et al.*, 2004:438; Wright *et al.*, 2007:133; Wilson *et al.*, 2010:394), werksinkels (Dörgö, 2003:189) en kursusse (Irwin *et al.*, 2004:432) is gewild onder afrigters wat hul afrigtingsvaardighede wil verbeter. Volgens Dörgö (2003:189) bied konferensies, afrigtingsklinieke en werksinkels aan die afrigter die geleentheid vir interaksie met ander afrigters waardeur gedagtes uitgeruil kan word en afrigters van mekaar kan leer. Tydens hierdie sessies raak deskundiges onderwerpe aan en bied verduidelikings aan wat nie noodwendig in formele akademiese kwalifikasies ondervang is nie (Wright *et al.*, 2007:133). Volgens Irwin *et al.* (2004:432) help sulke ontmoetings die afrigters om spesifieke tegnieke en vaardighede beter te verstaan. Sommige afrigters vind ook dat hierdie sessies hulle ontvanklik maak het vir nuwe idees. Die waarde van hierdie ontmoetings lê daarin dat dit die geleentheid bied vir selfevaluering, besprekings en eksperimentering (Irwin *et al.*, 2004: 438). Hierdie netwerking

tussen afrigters skep verder ook belangrike geleenthede om kwessies en probleme te bespreek wat 'n groot impak het op afrigters se kennisontwikkeling en afrigtingspraktyke (Nash & Sproule, 2009:131).

Die observasie van meer ervare afrigters en die evaluering van video's lewer ook 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van afrigtingskennis. Die bestudering van video's van elite-deelnemers is belangrik wanneer die tegniese aspekte van 'n sekere sportspesifieke vaardigheid ontleed moet word (Irwin *et al.*, 2004:439). Video's stel verder die ontleder in staat om komplekse tegniese greep vir greep te bestudeer (Irwin *et al.*, 2004:433).

Alhoewel interaksie met ander afrigters as belangrik beskou word, is dit egter nie die enigste vorm van interaksie wat 'n bydrae tot die afrigter se vaardighede kan lewer nie (Wright *et al.*, 2007:136; Erickson *et al.*, 2008:536; Wilson *et al.*, 2010:394; DeWeese, 2012:37). Die ingesteldheid van die afrigter sal ook bepaal of skynbaar alledaagse interaksies met die omgewing ook tot die ontwikkeling van afrigtingsvaardighede kan lei. Uit Abraham *et al.* (2006:561) se studie het afrigters se ingesteldheid en gedurige soeke na kennis, alledaagse, toevallige interaksies soos die lees van 'n boek, interaksie met sportwetenskaplikes en ook ervarings buite die sportomgewing tot hulle ontwikkeling as afrigters bygedra. Wright *et al.* (2007:135), asook Nash en Sproule (2009:131), het voorts aangedui dat afrigters uit alledaagse gebeure wat in hulle familie asook werksituasies plaasvind, waardevolle lesse geleer het wat hulle in afrigting kon toepas.

Dit is uiteindelik die deelnemers wat voordeel trek uit toegewyde en vaardige afrigters. Vargas-Tonsing (2007:31) wys daarop dat wanneer 'n opleidingsprogram wat op die ontwikkeling van afrigters gefokus is, korrek bestuur word, dit 'n omgewing sal skep waarin kinders sportdeelname geniet en hulle tot voortgesette deelname in sport aanmoedig sal word.

2.4 DIE INVLOED VAN SPORTAFRIGTING OP DIE ONTWIKKELING VAN KINDERS SE SPORTPOTENSIAAL

2.4.1 OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN KINDERS SE SPORTPOTENSIAAL

Die ontwikkeling van 'n land se sportpotensiaal is belangrik in die lig daarvan dat professionalisme in sport en die standaard van wêreldklas-prestasie aan die toeneem is (Martindale *et al.*, 2007:187). Suid-Afrika wil ook graag toesien dat elke atleet wat aan die

Olimpiese spele deelneem oor die vermoë beskik het om 'n medalje te verdien (Durand, 2009:16). Volgens Martindale *et al.* (2007:187) sal effektiewe sisteme 'n waardevolle bydrae lewer tot die volhoubare ontwikkeling van kwaliteit elitevlak-deelnemers. 'n Goed ontwerpte deelnemer-ontwikkelingsstelsel behoort daartoe in staat te wees om uitnemend vaardige en goed voorbereide deelnemers op seniorvlak te lewer, wat gepaardgaande finansiële voordele en internasionale erkenning meebring. Doelgerigte en goed gestruktureerde voorbereiding, inoefening, kompetisie en herstelpraktyke sal deurgaans optimale ontwikkeling van die deelnemer se loopbaan verseker. Volgehoue sukses word beskou as die uitvloeisel van langtermyn-voorbereiding en herhaaldelik voortreflike prestasies deur die loop van die deelnemer se loopbaan, eerder as maksimum prestasie in die korttermyn. Daar is geen kortpad na sukses ten opsigte van die voorbereiding vir sportdeelname nie (Balyi & Hamilton, 2005:1).

In Bailey *et al.* (2010:5) se akademiese oorsig oor deelnemerontwikkeling word verskeie bevindinge en beginsels wat verband hou met deelnemerontwikkeling geïdentifiseer. Hulle het gevind dat dit onwaarskynlik is dat fisieke talent en/of antropometriese eienskappe alleen tot suksesvolle deelname aan sport sal lei. Volgehoue betrokkenheid by sport is eerder die resultaat van sosiale, fisiese, tegniese en psigologiese faktore (Bailey *et al.*, 2010:90). Hierdie navorsers dui nie eksplisiet aan wat die ideale verloop van 'n deelnemer se loopbaan moet wees nie, maar beklemtoon dat fundamentele bewegingsvaardighede 'n voorvereiste is vir uitnemende prestasie in latere jare (Bailey *et al.*, 2010:90). Baker *et al.* (2003:22) en Côté *et al.* (2003:100) beklemtoon ook die blootstelling aan 'n verskeidenheid sportsoorte tydens die proefnemingsjare. Baker *et al.* (2003:23) lê veral klem daarop dat vroeë spesialisasie nie 'n voorvereiste vir eliteprestasie in latere jare is nie. Wanneer 'n jong deelnemer aan 'n verskeidenheid sportsoorte blootgestel word, het hy die geleentheid om 'n reeks motoriese en kognitiewe vaardighede aan te leer (Côté *et al.*, 2003:100). Fraser-Thomas en Côté (2006:17) waarsku ook teen programme wat fokus op vroeë talentidentifisering en noem dat daar min bewyse is dat talentidentifisering die sleutel tot talentontwikkeling is. Jong deelnemers is in die meeste gevalle nie fisiek, psigologies, sosiaal of kognitief gereed om alle eise wat vroeë spesialisering aan hulle stel, te verwerk nie. Hulle noem dat spel en proefneming van 'n verskeidenheid sportsoorte tydens die kinderjare en doelgerigte inoefening, toewyding, sug na sukses, bereidheid om hard te werk en goeie afrigting gedurende adolessensie meer betroubare voorspellers tot uitnemende prestasie kan maak.

Hierdie kenmerke word gedurig in die loop van die deelnemer se loopbaan ontwikkel en versterk en nie tydens die kinderjare geïdentifiseer nie (Fraser-Thomas & Côté, 2006:17).

Die hooffunksie van persone (afrigters) wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n sportdeelnemer is om hom in staat te stel om hoër prestasievlakke te bereik wat andersins nie moontlik sou gewees het nie (Short & Short, 2005:29). Benewens die feit dat die afrigter begrip vir die deelnemer se fisieke ontwikkeling moet hê en toon, moet hy ook die kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling van die deelnemer verstaan (Stafford, 2005:60). Die deelnemer se ervaring en genot van die sport en algemene lewe kan verbeter of vernietig word deur die afrigter:deelnemer-verhouding (Baker et al., 2000:111; Surujal & Dhurup, 2011:23). Volgens Conroy en Coatsworth (2006:140) is die gewenste gedrag van afrigters positief en versterkend en onderriggewend en moet dit die deelnemer se onafhanklikheid ondersteun. Dit is belangrik dat afrigters ook goeie kommunikeerders moet wees, oor praktiese kennis van die leerproses en onderrigmetodes moet beskik asook inoefeningsbeginsels en evalueringsprosesse van sy gekose sport moet verstaan. Hierdie vaardighede stel die afrigter derhalwe in staat om as opvoeder, organiseerder, mededinger, student van die spel, en 'n vriend en mentor op te tree. Afrigters moet verder ook daartoe in staat wees om deelnemers te kan motiveer en die regte omgewing vir ontwikkeling te skep, aldus Short en Short (2005:29).


2.4.2 DIE SUID-AFRIKAANSE SPORTDEELNAME-ONTWIKKELINGSMODEL

Soos in die meeste oorsese lande waar die ontwikkeling van sportdeelnemers van kritieke belang is, het Suid-Afrika ook 'n gepaste langtermyn sportdeelnemer-ontwikkelingsmodel nodig. Dit moet as rigtingaanduiding en instrument kan dien om SRSA se visie van 'An Active and Winning nation' (SRSA, 2011:11) te laat realiseer. Daar bestaan groot verskille in die onderskeie provinsies en munisipaliteite se sosiale, demografiese, geografiese en ekonomiese omstandighede (SASKOK, 2011a:6). Dit is om hierdie rede 'n groot uitdaging om 'n eenvormige nasionale standaard vir sportontwikkeling saam te stel (SASKOK, 2011a:6). Die huidige tekortkominge in Suid-Afrikaanse sport het verreikende gevolge en verhoed onder andere dat die land se elitedeelnemers optimale prestasie in internasionale kompetisie bereik (SASKOK, 2011a:7). Daar bestaan verder ook 'n behoefte by die volgende generasie deelnemers wat nie vervul sal word indien 'n gebrek aan sistematiese ontwikkeling en onvoldoende inoefening nie aandag geniet nie. 'n Deelnemer wat as gevolg hiervan swak en onderontwikkelde vaardighede

toon, loop gevaar om nooit sy genetiese sportpotensiaal te bereik nie. Dit is dikwels die provinsiale of nasionale afrigter se taak om die tekortkominge van die deelnemer se ontwikkeling te herstel sodat optimale prestasie bereik kan word (SASKOK, 2011a:8).

Volgens SASKOK (2011a:5) sal Suid-Afrika poog om net soos die Verenigde Koninkryk, Ierland en Kanada 'n langtermynontwikkelingsprogram vir sportdeelnemers in te stel. Vir hierdie doel sal SASKOK (2011a:4) van die Kanadese “Sport for life – Long-term Athlete Development program” (sien Figuur 1) gebruik maak om die Suid-Afrikaanse Langtermyn Deelnemerontwikkelingsprogram (LTDO) daarop te skoei. Die LTDO is 'n model wat deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse Sport vir Lewe (SASvL)-program en waarin voorstelle gemaak word oor watter bekwaamhede, vaardighede en fisieke fiksheid nodig is om lewenslange fisieke aktiwiteit, massa sportdeelname of uitnemende prestasie in sport te behaal (SASKOK, 2011a:4).

Die eerste drie fases, *'Aktiewe begin'*, *Fundamentele vaardighede* en *'Leer om te oefen'*, van die Kanadese program verskaf die grondslag waarop deelname- en prestasiegeoriënteerde sportsoorte gebou word. Hieruit kan die deelnemer dan 'n keuse maak vir lewenslange deelname of eliteprestasie in sport volgens sy behoeftes en vermoëns. Die deelnemers wat gekies het om uitnemendheid na te streef betree dan die fases *'Gereed vir inoefening'*, *'Oefen om deel te neem'* en *'Oefen om te wen'* wat op uitnemendheid deur hoëprestasietipe inoefening en kompetisie fokus. Die Suid-Afrikaanse model se eerste vier fases (sien Figuur 2.1) kan volgens die ontwikkelingsproses op die meeste laatspesialis-tipe sportsoorte toegepas word (SASKOK, 2011a:12).



FIGUUR 2.1: LANGTERMYN DEELNEMER-ONTWIKKELINGSPROGRAM (aangepas uit SASKOK 2011a)

Sportafrigters wat by die implementering van die LTDO betrokke is, moet die sportontwikkelingsfases verstaan en ook hoe die ontwikkeling van die deelnemer hierby inpas. In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is kinders tydens Fase 1 (*'Aktiewe begin'*) van die ontwikkelingsmodel in graad R (SASKOK, 2011a:19). Onderwysers moet op hierdie vlak oor genoegsame kennis van algemene bewegingsvaardighede beskik. Die korrekte aanleermetodes moet ook toegepas word sodat die optimale uitvoering van aktiwiteite verseker kan word (SASKOK, 2011a:15). Fases 2, 3 en gedeeltelik Fase 4, wat as die *'Fundamentele'*, die *'Leer om te oefen'* en die *'Gereed vir Inoefening'* fase onderskeidelik bekend staan, vind tydens die kind se laerskoolloopbaan (6-12 jaar) plaas (SASKOK, 2011a:19). SASKOK (2011a) beklemtoon dat afrigters sal moet beseft hoe belangrik en betekenisvol hierdie drie fases in die

deelnemer se sportontwikkeling is. Indien enige tekortkominge in die deelnemer se mondering nie tydens hierdie fases geïdentifiseer en aandag daaraan gegee word nie, sal dit baie moeilik wees om dit tydens latere fases reg te stel nie (Stafford, 2005:59). Die basiese sportspesifieke vaardighede wat tydens die *'Leer om te oefen'* fase en die *'Gereed vir Inoefening'* fase moet geskied, kan volgens die SASKOK-afrigtingstruktuur in grade 6 en 7 van hul skoolloopbaan vir sportdeelnemers aangeleer word (SASKOK, 2011a:15). Tydens die aanvang van die voorgestelde *'Oefen om deel te neem'* fase behoort die meeste Suid-Afrikaanse kinders van 14-jarige ouderdom in die algemeen op hoërskool te wees. Op hierdie ouderdom bereik kinders normaalweg puberteit en is dit 'n ontwikkelingsfase waarin hulle aan sportspesifieke inoefening blootgestel kan word. Op hierdie vlak behoort onderwyser-afrigters kennis en beginsels van kondisioneringsprogramme op hul deelnemers toe te pas (SASKOK, 2011a:16). Deelnemers wat tydens hierdie ontwikkelingsfase potensiaal vir uitnemendheid toon, word verder aan die *'Oefen om te wen'* fase blootgestel (sien Figuur 2.1). Dit sal volgens SASKOK (2011a:17) wys wees om vir hierdie deelnemers 'n professionele en korrek opgeleide hoëprestasie-afrigter aan te stel sodat die deelnemer se genetiese potensiaal in sport bereik kan word.

Die sukses van hierdie program hang af van die mate waarin opleiding en kommunikasie op alle vlakke tydens die implementering van die program geskied. Afrigtersopleiding en spesifiek onderwyser-afrigtersopleiding is van kardinale belang. Hierdie afrigters verskaf in baie gevalle die inleiding tot die deelnemer se sportloopbaan en is die enigste blootstelling wat die deelnemer ooit sal ondervind. Dit is egter ook nodig dat die beginsel en begrippe van die LTDO deur die hele Suid-Afrikaanse sportsisteem gepropageer sal word om sodoende eenvormigheid in die land te bevorder (SASKOK, 2011a:21).

2.4.3 ONDERWYSERS SE GESKIKTHEID AS SPORTAFRIGTERS

Dit is om bogenoemde redes te wagte dat SRSA wil verseker dat daar opgeleide afrigters by alle skole moet wees wat die prioriteitsportsoorte kan afrig (SRSA, 2012:25). Hierteenoor dui die South African Qualifications Authority (SAQA, 2006) aan dat onderwysersopleiding in Suid-Afrika nie sportopleiding insluit nie. Santos *et al.* (2010:68) wys egter daarop dat persone met 'n akademiese kwalifikasie (onderwys), selfs al is dit nie sportspesifiek nie, basiese professionele bevoegdhede in die akademiese omgewing ontwikkel het wat gunstig in afrigting aangewend kan word. Hulle noem dat vaardighede met betrekking tot kommunikasie, leierskap, evaluering of

die vind van oplossings vir probleme ontwikkel is wat afrigters se optrede ondersteun. Die persepsie word versterk dat sodanige persoon (onderwyser-afrigter) se bevoegdheid geloofwaardig is wanneer hierdie vaardighede in sy gedrag openbaar word (Santos *et al.*, 2010:68). Volgens Walsh (2004:185) het onderwysers die teoretiese begrip van pedagogie en ook die ervaring om inligting in verstaanbare begrippe uit te druk. Pedagogiese kennis stel die onderwyser in staat om kennis in bruikbare inligting om te skep. Sportpedagogiese kennis verwys na die kuns en wetenskap van onderrig in 'n sportomgewing. Die navorser stel voor dat onderwyser-afrigters in staat behoort te wees om sportkennis om te skakel in bruikbare inligting wat die deelnemer dan weer in die praktyk kan toepas (Walsh, 2004:185). Wright *et al.* (2007:135) se studie brei uit op Walsh (2004) se aanname en wys daarop dat afrigters uit hulle studie, 'n onderwysagtergrond as waardevol beskou vir afrigting. Hulle noem verder dat dit noodsaaklik is dat kundige afrigters oor effektiewe pedagogiese vaardighede moet beskik. Die sukses en waardering van afrigters lê dikwels opgesluit in die feit dat die afrigter oor die vermoë beskik om ander te kan onderrig (DeWeese, 2012:2)

2.5 SAMEVATTING

Uit bogenoemde bronne is daar gepoog om aan te toon dat sportdeelnemers in die Suid-Afrikaanse konteks tydens die ontwikkeling van hul sportpotensiaal aan afrigting wat deur onderwysers gegee word, blootgestel word (SASKOK, 2011b:12). Skolesport word allerweë as die basis van Suid-Afrikaanse elitesport beskou (Rajput & Van Deventer, 2010:159), maar is vanweë die vorige politieke bestel en verdere verpolitiserings van sport nie na wense ontwikkel nie. Indien die huidige tekortkominge in Suid-Afrikaanse skolesport nie aandag geniet nie, kan dit verreikende gevolge vir die ontwikkeling vir die land se sportpotensiaal hê en verhoed dat die land se elitedeelnemers optimale prestasie in internasionale kompetisie bereik (SASKOK, 2011a:7). Dit het ook na vore gekom dat onderwysers die ideale persone sou wees om ook die afrigting van ontwikkelende deelnemers te onderneem. Ongelukkig is daar botsende belange, aangesien die huidige onderwyser-opleidingsstelsel nie voorsiening maak vir die gepaardgaande ontwikkeling van onderwysers as sportafrigters nie. Alhoewel daar in 2008/9 reeds 6 400 afrigters opgelei is as deel van skolesport- en massadeelname-programme, het terugvoer na afloop van hierdie opleiding aangedui dat skolesport 'n definitiewe prioriteit in die komende jare behoort te wees (SASKOK, 2011b:13). Die afleiding kan gemaak word dat daar 'n behoefte aan

onderwyser-afrigteropleiding geïdentifiseer is en steeds bestaan. Hierdie studie poog derhalwe om 'n blik te bied op die omvang van hierdie behoefte.

2.6 BIBLIOGRAFIE

- Abraham, A., Collins, D. & Martindale, R. 2006. The coaching schematic: Validation through expert coach consensus. *Journal of sport sciences*, 24(6):549-564.
- Bailey, R., Collins, D., Ford, P., MacNamara, Á., Toms, M. & Pearce, G. 2010. Participant development in sport: An academic review. Leeds: SportsCoachUK.
- Baker, J., Côté, J. & Hawes, R. 2000. The relationship between coaching behaviours and sport anxiety in athletes. *Journal of science and medicine in sport*, 3(2):110-119.
- Baker, J., Horton, S., Robertson-Wilson, J & Wall, M. 2003. Nurturing sport expertise: Factors influencing the development of elite athlete. *Journal of sports science and medicine*, 2(1):1-9.
- Balyi, I & Hamilton, A. 2005. Long-term athlete development: Trainability in childhood and adolescence, Windows of opportunity, optimal trainability. *Performance conditioning soccer*, 12(1):1-15.
- Blumfield, B. 2008. A timeline of South African events in Education in the Twentieth Century: 1900 – 1999. www.sahistoryofeducation.webs.com/SA%20timeline.pdf Date of access: 20 Apr. 2012.
- Booth, D. 1992. Accomodating race to play the game: South Africa's readmission to international sport. *Sporting traditions*, 8(2):182-209.
- Conroy, E. C. & Coatsworth, J. D. 2006. Coach training as a strategy for promoting youth social development. *The sport psychologist*, 20(2):128-144.
- Côté, J. 2006. The development of coaching knowledge. *International journal of sport science and coaching*, 1(3):217-222.
- Côté, J. & Gilbert, W. 2009. An integrative definition of coaching effectiveness and expertise. *International journal of sports science and coaching*, 4(3):307-323.
- Côté, J., Baker, J. & Abernethy, B. 2003. From play to practice: A developmental framework for the acquisition of expertise in team sports. (In Starkes, J.L. & Ericsson, A.K., eds. Expert performance in sports: Advances in research on sport expertise. Champaign, Illonoise: Human Kinetics. p. 89-113).

- Côté, J., Salmela, J., Trudel, P., Baria, A & Storm, R. 1995. The coaching model: A grounded assessment of expert gymnastic coaches' knowledge. *Journal of sport en exercise psychology*, 17(1):1-17.
- Cushion, C. J., Armour, K. M. & Jones, R. L. 2003. Coach education and continuing professional development: Experience and learning to coach. *Quest*, 55(3):215-230.
- Davies, J. 1986. Politics, sport and education in South Africa. *African Affairs*, 85(340):351-363.
- Davies, M. J., Bloom, G. A. & Salmela, J. H. 2005. Job satisfaction of accomplished male university basketball coaches: The Canadian context. *International journal of sport psychology*, 36(3):173-192.
- Day, D. 2011. Craft coaching and the discerning eye of the coach. *International journal of sport science and coaching*, 6(1):179-195.
- DeWeese, B.H. 2012. Defining the constructs of expert coaching: A Q-Methodological study of Olympic sport coaches. Raleigh: North Carolina State University. (Dissertation - PhD).
- Dickson, S.S. 2001. Advancement in sport coaching and officiating accreditation. Canberra, Australia: Australian Sports Commission.
- Dörgő, S. 2003. An expert strength and conditioning coach's practical knowledge. Georgia: University of Georgia. (Dissertation – PhD).
- Durand, C. 2009. Twelve medals in 2012. *Your sport 2nd Quarter*:16-17.
- ECC (European Coaching Council). 2007. Review of the EU 5-level structure for the recognition of coaching qualifications. Colgone: European Network of Sports Science, Education and Employment. http://www.icce.ws/position_papers/documents/ECC_5_level_review.pdf Date of access: 19 Mrch. 2012.

Erickson, K., Bruner, M. W., MacDonald, D. J. & Côté, J. 2008. Gaining insight into actual and preferred sources of coaching knowledge. *International journal of sports science and coaching*, 3(4):527-538.

Ericsson, A. K. 2006. The influence of experience and deliberate practice on the development of superior expert performance. (In: Ericsson, A. K., Charness, N., Feltovich, P. I. & Hoffman, R. R., eds. *The Cambridge handbook of expertise and expert performance*. New York: Cambridge University Press. p. 683-703).

Ericsson, A. K. 2008. Deliberate practice and acquisition of expert performance: A general overview. *Academic emergency medicine*, 15(11):988-994.

Ericsson, A. K., Nandagopal, K. & Roring, R. W. 2005. Giftedness viewed from the expert-performance perspective. *Journal for the education of the gifted*, 28(3/4):287-311.

Fraser-Thomas, J. & Côté, J. 2006. Youth sports: Implementing findings and moving forward with research. *Athletic Insight: The online journal of sport psychology*, 8(3):12-27.

Gearity, B. T. 2012. Poor teaching by the coach: a phenomenological description from athletes' experience of poor coaching. *Physical education and sport pedagogy*, 17(1):79-96.

Gilbert, W. D. & Trudel, P. 2005. Learning to coach through experience: Conditions that influence reflection. *The Physical Educator*, 62(1).
<http://web.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/ehost/detail?vid=26&hid=12&sid=cbee2fb5-43d2-4013-afd83b4b78a8cb6b%40sessionmgr11&bdata=JnNpdGU9ZWlhvc3QtbGl2ZQ%3d%3d#db=eric&AN=EJ740121> Date of access: 29 Mrch. 2012.

Gilbert, W., Côté, J. & Mallett, C. 2006. Developmental paths and activities of successful sport coaches. *International journal of sports science and coaching*, 1(1):69-76.

Gilbert, W., Lichtenwaladt, L. G. J., Zelezny, L. & Côté, J. 2009. Developmental profiles of successful high school coaches. *International journal of sport science and coaching*, 4(3):415-431.

- Hardin, B. 2000. Coaching expertise in high school athletics: Characteristics of expert high school coaches. *The applied research in coaching and athletics manual*, 15(1):24-38.
- Irwin, G., Hanton, S. & Kerwin, D. G. 2004. Reflective practice and the origins of elite coaching knowledge. *Reflective practice*, 5(3):425-442.
- Jones, R. L., Harris, R. & Miles, A. 2009. Mentoring in sports coaching: A review of the literature. *Physical education and sport pedagogy*, 14(3):267-284.
- Larkin, F., Duffy, P. & O'Leary, D. 2007. Tracing the development process and needs of Irish coaches. http://www.coachingireland.com/files/Irish_coach_research.pdf Date of access: 6 Mrch. 2012.
- Le Roux, J. G. & Pienaar, G. E. 2001. Sportsielkunde as komponent in die opleidingsprogram van vakonderwysers. *Educare*, 30(1):85-207.
- Le Roux, K. 2010. The importance of sport psychology in school sport. *African journal for physical, health education, recreation and dance*, 16(3):433-446.
- Lehmann, C. M. 2009. Early Greek athletic trainers. *Journal of sport history*, 36(2):187-204.
- Lemyre, F., Trudel, P. & Durand-Bush, N. 2007. How youth-sport coaches learn to coach. *The sport psychologist*, 21(2):191-209.
- Lyle, J. 2002. Sport coaching concepts: a framework for coaches' behaviour. New York(New York): Routledge.
- Lynch, M. & Mallett, C. 2006. Becoming a successful high performance track and field coach. *Modern athlete and coach*, 44(2):15-20.
- Maetozo, M. G. 1971. The professional preparation of coaches for Olympic sports. *Olympic review*, 42(1):156-161.
- Martindale, R. J. J., Collins, D. & Abraham, A. 2007. Effective talent development: The elite coach perspective in UK sport. *Journal of applied sport psychology*, 19(2):187-206.
- McComb, D. G. 2004. Sports in world history. New York (New York): Taylor and Francis Inc.

- Nash, C. 2003. Development of a mentoring system within coaching practice. *Journal of hospitality, leisure, sport and tourism education*, 2(2):39-47.
- Nash, C. S. & Sproule, J. 2009. Career development of expert coaches. *International journal of sports science and coaching*. 4 (1):121-138.
- NASPE (National Association for Sport and Physical Education). 2008. *National coaching report*, VA: Reston.
- Potrac, P., Jones, R. & Cushion, C. 2007. Understanding power and the coach's role in professional English soccer: A preliminary investigation on coach behaviour. *Soccer and society*, 8(1):33-49.
- Rajput, D. I. & Van Deventer, K. J. 2010. An epoch of controversy within physical education and sport in post-apartheid South-Africa: A review. *African journal for physical, health education, recreation and dance*, 16(1):147-165.
- Rees, R. C. & Miracle, A. W. 2006. Education and sports. (In Coakley, J. & Dunning, E., eds. Handbook for sport studies. New Delhi: Sage. p. 277-290.)
- Rossouw, J. P. & Keet, W. 2011. Deliktuele aanspreeklikheid van die afrigter in skolesport – 'n Sekuriteitsaangeleentheid. *Potchefstroom elektroniese regstydskrif*, 14(6):1-32.
- Santos, S., Mesquita, I., Graça, A & Rosado, A. 2010. Coaches' perceptions of professional competence and acknowledgement of training needs related to professional competences. *Journal of sports science and medicine*, 9(1): 62-70.
- SAQA (South African qualifications authority). 2006. University diploma: Education: Secondary <http://allqs.saqa.org.za/search.php> Date of access: 16 Sept. 2011.
- SASKOK (Suid Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee). 2011(a). South African sport for life: A model for developing long-term participant development. Building pathways for transforming sport in South Africa. http://www.srsa.gov.za/MediaLib/Home/DocumentLibrary/SA%20Sport%20for%20Life%20-Nov_-10_2011.pdf Date of access 26 Jun. 2012.

- SASKOK (Suid Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee). 2011(b). South African coaching framework consultation document: Model for long term coach development. <http://hp.sascoc.co.za/the-south-african-coaching-framework/> Date accessed 14 Nov. 2011.
- Schemp, P. G., McCullick, B. & Mason, I. S. 2006. The development of expert coaching. (*In* Jones, R. L., eds. *The sports coach as educator: Re-conceptualising sports coaching*. New York: Routledge. p. 145-161).
- Short, S. E. & Short, M. W. 2005. Essay: Role of the coach in the coach-athlete relationship. *Medicine and sport, Supplement* (366):29-30.
- Singh, C. & Surujlal, J. 2010. Risk management practices of high school sport coaches and administrators. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir navorsing in sport, liggaamlike opvoedkunde en ontspanning*, 32(1):107-119.
- SRSA (Sport and Recreation South Africa). 2011. *Strategic plan 2011-2015*, Pretoria: Sport and Recreation South Africa (SRSA).
- SRSA (Sport and Recreation South Africa). 2012. NSRP (National Sport and Recreation Plan). <http://www.srsa.gov.za/pebble.asp?relid=1439> Date of access 6 Jun. 2012.
- Stafford, I. 2005. Coaching for long-term athlete development: To improve participation and performance in sport. Leeds: The National Coaching Foundation.
- Stoddart, B. 2006. Sport, cultural imperialism and colonial response in the British empire. *Sport in society*, 9(5):809-835.
- Surujlal, J. & Dhurup, M. 2011. Athlete perceptions and preferences of coach behaviour: A qualitative study of female soccer players. *African journal for physical, health education, recreation and dance*, 17(1):22-36.
- Trninić, V., Papić, V. & Trninić, M. 2009. Role of expert coaches in development of top-level athletes' careers in individual and team sports. *Acta kinesiologica*, 3(1):99-106.
- van Lill, D., van Lill, M., Dick, J., Vogel, C. & Van Rooyen, M.G. ?. *Moderne Olimpiese Spele I: Geskiedenis*. http://myfundi.co.za/a/Moderne_Olimpiese_Spele_I_Geskiedenis#top-anchor Date of access: 22 Mar. 2012.

- Vargas-Tonsing, T. M. 2007. Coaches' preferences for continuing coaching education. *International journal of sports science and coaching*, 2(1):25-35.
- Viljoen, E. 2003. The legal implications of rugby injuries. Port Elizabeth: Universteit van Port Elizabeth (Verhandeling - ML).
- Walsh, J. 2004. Development and application of expertise in elite-level coaches. Melbourne(Victoria): School of Human Movement, Recreation and Performance. (Proefskrif – PhD).
- Werthner, P. & Trudel, P. 2006. A new theoretical perspective for understanding how coaches learn to coach. *The sport psychologist*, 20(1):198-212.
- Wiiman, M., Salomi, A. W. & Hall, C. R. 2010. An examination of the definition and development of expert coaching. *International journal of coaching science*, 4(2):37-60.
- Wilson, L. M., Bloom, G. A. & Harvey, W. J. 2010. Sources of knowledge acquisition: perspectives of the high school teacher/coach. *Physical education and sport pedagogy*, 15(4):383-399.
- Wright, T., Trudel, P. & Culver, D. 2007. Learning how to coach: the different learning situations reported by youth ice hockey coaches. *Physical education and sport pedagogy*, 12(2):127-144.
- Young, B. W., Jemczyk, K., Brophy, K. & Côté, J. 2009. Discriminating skilled coaching groups: Quantitative examination of developmental experiences and activities. *International journal of sports science and coaching*, 4(3):397-414.

ⁱ Vir die doeleindes van hierdie dokument, tensy die teendeel uit die konteks blyk, bedoel enige verwysing na afrigter(s) na sportafrigters

ⁱⁱ Vir doeleindes van hierdie dokument, tensy die teendeel uit die konteks blyk, sluit enige verwysing na een geslag die ander geslag in, en andersom.



Hoofstuk 3

Die stand van
onderwyser-afrigters se
opleiding, ervaring,
mentorinteraksie en
voortgesette opleiding in
sportafrigting

Inleiding	45
Metode.....	46
<i>Ontwerp:</i>	46
<i>Deelnemers:</i>	46
<i>Vraelys:</i>	46
<i>Insameling van data:</i>	47
<i>Data verwerking</i>	48
Resultate.....	48
Bespreking	54
Bibliografie	56

Die stand van onderwyser-afrigters se sportspesifieke opleiding, deelname- en afrigtingservaring, mentorinteraksie en metodes van voortgesette opleiding in sportafrigting.

The state of teacher-coaches' sport-specific training, playing- and coaching experience, mentor interaction and methods of continued education in sport coaching.

¹Carla van der Merwe, ²Dawie D. J. Malan & Yolandi Willemse

¹Mev. Carla van der Merwe,
Honn. B.Sc. Sports science,

School of Biokinetics, Recreation and Sports Science,

North-West University (Potchefstroom Campus)

Private Bag X6001,

Potchefstroom,

South Africa

E-mail: carla.vandermerwe@nwu.ac.za

²Corresponding author:

Prof. Dawie D.J. Malan

Physical activity, Sport and Recreation Research Focus Area (PHASRec),

Faculty of Health Sciences,

School of Biokinetics, Recreation and Sports Science,

North-West University (Potchefstroom Campus)

Potchefstroom,

South Africa.

E-pos: dawie.malan@nwu.ac.za

Deurlopende titel: DIE STAND VAN ONDERWYSER-AFRIGTERS SE OPLEIDING,
ERVARING EN MENTORINTERAKSIE

Abstract

The aim of this study was to determine the current state of teacher-coaches' sport-specific training, playing- and coaching experience, mentor interaction and methods of continued education in sport coaching. Fifty-four (54) schools (town-(n=9), township- (n=18), rural schools (n=27)) from the Kenneth Kaunda district in the Northwest Province of South Africa were available for this study. A maximum of three (3) teacher-coaches per school were requested to complete a questionnaire. Questionnaires by Vosloo (2007) and Camiré (2012) were adapted and validated for this study. One hundred and forty-four (144) questionnaires were used in the compilation of the results. The Epi-info program was used to capture the data. From the frequency tables and cross-tabulations of the data, statistical procedures were applied to determine the statistical ($p \leq 0.05$) and practical significance (Cramer's V-value) of the results.

It was found that not all the priority sports codes have sport-specific trained teacher coaches at the schools. Most of the teacher-coaches that do have sport-specific training, received the training more than five (5) years ago. In most sports codes the majority teacher-coaches have less than 10 years' coaching experience. Most of the teacher-coaches only participated in sport at school level and for less than 10 years for the said sports code. The transfer of knowledge and quality coaching skills between coaches are also found to be questionable. This study also showed that it is mostly teacher-coaches with less than 10 years' experience that do not attempt to improve their coaching skills.

There is a desperate need for practical, on-the-job, sport specific training for teacher-coaches in this district. Should the current situation persist, little to no progress will be made in South Africa's international sports performance.

Key words: youth sport, teacher-coach, coaching development, athlete development

Inleiding

Professionalisme in sport en die standaard van wêreldklasprestasie bly aan die toeneem. Die ontwikkeling van 'n land se sportpotensiaal is daarom van kardinale belang (Martindale *et al.*, 2007). In Suid-Afrika word skolesport allerweë as die basis van elite-sport beskou (Rajput & Van Deventer, 2010). Onderwyser-afrigters is in die meeste gevalle verantwoordelik vir die ontwikkeling van kinders se sportpotensiaal op hierdie vlak en is ongelukkig dikwels nie na behore opgelei nie, terwyl die kundigste afrigters op elite-vlak aangewend word (Suid-Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee: SASKOK, 2011a).

Die sukses van deelnemerontwikkeling op skoolvlak is direk afhanklik van die kwaliteit van die volwasse leierskap wat daarby betrokke is (Amerikaanse “National Coaching Report”: NASPE, 2008). Dit is gevolglik te verstane waarom Sport en Rekreasie Suid-Afrika (SRSA) se huidige strategiese plan dit as doelwit stel om te verseker dat daar toegang tot sportdeelname in alle skole moet wees, ligas ingestel moet word en *dat en tegniese beamptes (insluitend afrigters) opgelei moet word* (SRSA, 2011). Die suksesvolle ontwikkeling van skolesport stel gevolglik ook die ontwikkeling van suksesvolle afrigters as prioriteit (SRSA, 2011).

Dit blyk dat afrigtingsvaardighede ontwikkel word wanneer 'n afrigter direkte praktiese afrigtingservaring opdoen, formele afrigteropleiding ondergaan en aan mentorskap blootgestel word (Lynch & Mallett, 2006). Ruim deelname aan sport tydens die afrigter se jeug en ook as jong volwassene lê verder volgens Lynch en Mallett (2006) die grondslag vir kennis en begrip van afrigting en die afrigtingsproses. Benewens praktiese afrigtingservaring verbeter gereelde ontmoetings met mentors die effektiwiteit van die afrigter (Nash & Sproule, 2009; DeWeese, 2012). Suksesvolle afrigters wend verder regdeur hul loopbane as afrigters ook daadwerklike pogings aan om bykomstige kennis en vaardighede te bekom (Young *et al.*, 2009).

Daar is gedurende die 2008/9 skolesport- en massadeelname-programme van die onderskeie provinsiale departemente van sport en rekreasie 6 400 persone reeds as afrigters opgelei. Terugvoer na afloop van hierdie opleiding het egter aangedui dat ontwikkeling

van skolesport in die komende jare 'n definitiewe prioriteit behoort te wees (SASKOK, 2011b). Met hierdie navorsing word beoog om vas te stel wat afrigters op skoolvlak se sportspesifieke opleiding, afrigtings- en deelname-ervaring, mentor interaksie en metodes van voortgesette afrigtingsopleiding is. Weens die waarskynlike omvang van hierdie opname in Suid-Afrika sal die ondersoek slegs beperk word tot die Kenneth Kaunda-streek in die Noordwes Provinsie. Die bevindinge van hierdie opname kan vir die Departement van Basiese Onderwys, SRSA, SASKOK en ook die Departement van Sport & Rekreasie in die Noordwes Provinsie nuttig wees om die stand van die sportafrigterskorps op skoolvlak tot hulle beskikking te hê en dienooreenkomstig te kan optree.

Metode

Ontwerp: Kwantitatiewe data is deur middel van vraelyste ingesamel. 'n Dwarsdeursnitstudie-ontwerp is gebruik omdat dit as beskrywend van die huidige situasie beskou word.

Deelnemers: 'n Verteenwoordigende aantal skole (soos deur die Departement van Basiese Onderwys in die provinsie gegroepeer) uit die Dr Kenneth Kaunda-streek van die Noordwes Provinsie is ewekansig gekies. 'n Maksimum van 3 onderwyser-afrigters wat by die afrigting van leerders (binne skoolverband) in die ondergemelde prioriteitsportsoorte betrokke is, is versoek om die vraelys in te vul.

Die prioriteitsportsoorte wat by die studie betrek is, is soos volg (volgens die lys van die provinsiale Direkoraat van Skolesport):

- Atletiek
- Hokkie
- Netbal
- Sokker
- Basketbal
- Krieket
- Rugby
- Tafeltennis
- Bofbal
- Landloop
- Sagtebal
- Vlugbal

Vraelys: Vraelyste van Vosloo (2007) en Camiré (2012) (gebruik in Forneris *et al.*, 2012 se studie) is aangepas om 'n vraelys vir hierdie studie te ontwerp. Vosloo (2007) se studie handel oor bestuursopleiding vir skolesport in Gauteng. Die aangepaste vraelys is slegs in

Engels vertaal en versprei, aangesien Engels die algemene bedryfs- en kommersiële taal in Suid-Afrika is.

Die siggedigheid van die saamgestelde vraelys is deur die statistiese konsultasiediens van die Noordwes-universiteit (Potchefstroomkampus) getoets en bevestig. Verder is 'n loodsstudie volgens die metode van Gratton en Jones (2010) uitgevoer om die betroubaarheid en geldigheid van die vraelys te bepaal.

Insameling van data: Toestemming vir die navorsing is van die Streekshoof van Basiese Onderwys en die hoof van skoolsport in die Kenneth Kaunda streek verkry. Daarna is kontak opgeneem met die betrokke sportbeamptes by elke streekkantoor waar kontakbesonderhede en fisiese adresse van die gekose skole verkry is. Die sportbeamptes het ook skole uitgewys wat nie sport aanbied nie en/of waar sport nie meer bestaan nie. Hierdie skole is derhalwe uit die studie weggelaat. Die verdeling van die skole wat werklik aan die ondersoek kon deelneem, word in Tabel 3.1 aangedui. Daarna is in verbinding getree met die skoolhoof van elke betrokke skool waartydens die doel van die studie aan die hoof verduidelik is. 'n Geskikte datum en tyd vir die besoek aan die skool is ook bevestig. Die navorser was teenwoordig en beskikbaar vir navrae tydens die invul van al die vraelyste.

Tabel 3.1: Uiteensetting van skooltipes na regstellings

	Dorpskole	Township-skole	Plaasskole
Primêr	4	16	25
Intermediêr	1	3	2
Gekombineer	0	0	3
Sekondêr	4	8	0
Totaal	9	27	30

Weens die demografie en inskiklikheid van skole kon slegs 57 van die 66 beskikbare skole in die Dr Kenneth Kaunda-streek van die Noordwes Provinsie besoek word. Om hierdie rede kan die resultate van hierdie studie nie as verteenwoordigend van die studiepopulasie in die provinsie beskou word nie.

Data verwerking: Die Statistiese Konsultasiedienste van die NWU het leiding gebied met die opstel van 'n data-inleestemplant deur middel van Epi-info-program asook statistiese metodes wat gebruik is om data te prosesseer. Die navorser het self die data ingelees en gekontroleer.

Tydens die ontleding is frekwensietabelle en kruistabulerings opgestel. Die statistiese betekenisvolheid is bepaal ($p \leq 0.05$), waarna die praktiese betekenisvolheid (Cramer se V-waarde) ook ondersoek is. Cramer se V-waarde (V) dien as maatstaf vir die sterkte van verbande tussen datastelle. Hierdie waarde kan ook Effekgroottes (Tabel 3.2) vir kruistabulerings gebruik word om praktiese betekenisvolheid van effekte tussen hierdie datastelle te ondersoek (Ellis & Steyn, 2003).


Tabel 3.2: Riglyne vir gebruik van effekgrootte in kruistabulerings

Effekgrootte (V)	Effek
$0.1 \geq V < 0.3$	klein
$0.3 \geq V < 0.5$	medium
$V \geq 0.5$	groot

(Ellis & Steyn, 2003)


Resultate

Vraelyste is aan die gemelde 57 skole uitgedeel, waarvan vraelyste van 54 van die aanvanklike 66 beskikbare skole verhaal is, wat 'n terugkeerkoers van 81.8% verteenwoordig. Uit die totaal van 144 onderwyser-afrigters wat deel van die ondersoekgroep uitgemaak het, is die meerderheid onderwyser-afrigters van die swart bevolking en tussen die ouderdomme 36 en 50 jaar (Figuur 3.1). Die grootste persentasie skole wat aan die studie deelgeneem het, was plaasskole. Dit is ook waargeneem dat bykans die helfte (48.6%) van die jeugsportafrigters geen sportspesifieke opleiding het nie. Die oorblywende 51,4% se sportspesifieke afrigtingsopleiding word verder in die Figuur 3.2 weergegee.



Figuur 3.1: Verdeling van die ondergroep

Figuur 3.2 weerspieël die formele sportspesifieke opleiding wat die onderwyser-afrigters gedurende hulle loopbaan as afrigter ontvang het. Die meeste afrigters is by die afrigting van atletiek (n=91), netbal (n=61) en sokker (n=63) betrokke. Daar word opgemerk dat in slegs 6 van die 12 prioriteitsportsoorte 'n beduidende aantal onderwyser-afrigters erkende opleiding ondergaan het. In die hieropvolgende tabelle sal slegs na die sportsoorte verwys word waarin afrigters wel sportspesifieke opleiding ontvang het.




Figuur 3.2: Aantal afrigters opgelei per sportsoort

Dit is opmerklik (Figuur 3.2) dat die meeste sportsoorte minder as 50% opgeleide afrigters het. Afrigters wat wel opleiding ontvang het (n=103), het meestal dit in die afgelope 5 jaar ontvang (Tabel 3.3). Die meerderheid afrigters (n=71; 68.9%) in al die sportsoorte het verder slegs oriëntasie- of vlak 1-opleiding ontvang.

Tabel 3.3: Vlak van sportopleiding en resenteheid daarvan

Sport	Totale aantal opgelei	Vlak van opleiding				Resenteheid		
		Skeids-regter	Oriën-tasie	Vlak 1	Vlak 2-4	<5 jaar	>5 jaar	Onbekend
Atletiek	24	0	10	7	7	16	7	1
Krieket	14	1	3	5	5	10	3	1
Hokkie	6	1	1	2	2	2	4	-
Netbal	38	5	7	21	5	14	21	3
Rugby	8	0	0	3	5	5	3	-
Sokker	13	0	10	2	1	8	5	-

Aangaande afrigtingservaring blyk dit uit Figuur 3.3 duidelik te wees dat die meerderheid afrigters in die aangetoonde sporte minder as 10 jaar afrigtingservaring geakkumuleer het. Afrigters met minder as 10 jaar afrigtingservaring word meestal by plaas- en “township”-skole aangetref.




Figuur 3.3: Afrigtingservaring per tipe skool

Met die uitsondering van rugby kon daar by geen van die sportsoorte ’n statisties betekenisvolle of prakties betekenisvolle verband tussen die tipe skool en afrigtingservaring gevind word nie (Tabel 3.4). By rugby en krieket is gevind dat afrigters met meer as 10 jaar afrigtingservaring uitsluitlik by dorpskole aangetref is (groot prakties betekenisvolle verskil, $V \geq 0.5$), hoewel hierdie verband slegs in die geval van rugby ook statisties betekenisvol was ($P = 0.003$).

Tabel 3.4: Verband tussen afrigtingservaring en tipe skool


	P	Cramer se V-waarde
Atletiek	0.406	0.141
Krieket	0.3	0.592[#]
Hokkie	0.814	0.194
Netbal	0.902	0.058
Rugby	0.003[*]	1[#]
Sokker	0.239	0.213

P<0.05 ^{*}Betekenisvolle verskil, Cramer se V-waarde ≥ 0.5 [#]Groot



Figuur 3.4: Vlak van onderwyser-afrigters se eie deelname-ervaring

Aangaande afrigters se eie deelname aan sport is gevind dat daar tussen die 144 onderwyser-afrigters 317 keer aan sport deelgeneem is. Dit blyk dat onderwyser-afrigters gevolglik aan gemiddeld 2.2 sportsoorte deelgeneem het. Die resultate dui verder aan dat by al die sportsoorte, die meerderheid afrigters (almal meer as 60%) minder as 10 jaar aan die betrokke sportsoort deelgeneem het (Figuur 3.4).



Figuur 3.5: Mentorskap en afrigtingservaring


In Figuur 3.5 word aangetoon dat die meerderheid mentors by die meeste sportsoorte minder as 10 jaar afrigtingservaring het. Voorts wys die resultate in Figuur 3.5 dat die meerderheid onderwyser-afrigters met minder as 10 jaar afrigtingservaring in die betrokke sportsoorte wel mentorskap ontvang het. Sokker is egter hier die uitsondering waar die meerderheid onderwyser-afrigters met minder as 10 jaar afrigtingservaring (n=17) nie mentorskap ontvang nie.

Tabel 3.1: Verband tussen mentorskap ontvang, mentorskap gebied en afrigterservaring

	Mentorskap gebied (mentor)		Mentorskap ontvang (mentee)	
	P	Cramer se V	P	Cramer se V
Atletiek	0.162	0.147	0.254	0.119
Krieket	0.831	0.048	0.573	0.126
Landloop	0.278	0.505[#]	0.262	0.513[#]
Hokkie	0.338	0.289	0.428	0.239
Netbal	0.010[*]	0.329^{##}	0.031[*]	0.276
Rugby	0.257	0.378^{##}	0.257	0.378^{##}
Sokker	0.134	0.189	0.083	0.218
Vlugbal	0.163	0.520[#]	0.454	0.371^{##}

P<0.05 ^{*}=betekenisvolle verskil, Cramer se V-waarde ≥0.5 [#]Groot, 0.3≥V<0.5 ^{##}Medium

In samehang hiermee word in Tabel 3.5 aangedui dat slegs netbal 'n statisties betekenisvolle verband ($P < 0.05$) tussen mentorskap ontvang en afrigtingservaring getoon het, met proporsioneel die kleinste hoeveelheid afrigters ($n=5$) wat meer as 10 jaar ondervinding gehad het, maar nie mentorskap ondergaan het nie. Netbal toon verder ook 'n statisties ($P < 0.010$) en medium prakties betekenisvolle verband ($V=0.3$) tussen afrigtingservaring en mentorskap gebied. Proporsioneel het netbal die grootste aantal afrigters met meer as 10 jaar afrigtingsondervinding ($n=21$) wat ook as mentors opgetree het. Landloop, rugby en vlugbal toon onderskeidelik 'n groot tot medium prakties betekenisvolle verband ($V \geq 0.3$) met afrigtingservaring en mentorskap gebied asook mentorskap ontvang, maar geen statisties betekenisvolle ($P > 0.05$) verband is gevind nie.



Figuur 3.6: Metodes van voortgesette opleiding volgens afrigtingservaring

Die afrigters moes ook in die vraelys aandui welke metodes hulle gedurende die afgelope 12 maande gevolg het om hulle kennis en vaardighede as afrigter uit te brei of te verskerp. Hierdie resultate word in Figuur 3.7 aangebied waar aangetoon word dat 21.5% van alle onderwyser-afrigters geen poging aangewend het om hulle afrigtingsvaardighede te verbeter nie. Die meerderheid van hierdie onderwyser-afrigters het ook minder as 10 jaar afrigtingservaring.

Bespreking

In Figuur 3.2 word aangetoon dat slegs ses uit die twaalf prioriteitsportsoorte 'n beduidende aantal opgeleide onderwyser-afrigters het. Volgens Tabel 3.4 het die onderwyser-afrigters nie noodwendig hierdie opleiding in die laaste 5 jaar ontvang nie; dus kan hul opleiding moontlik as verouderd gereken word (NSW, 2012:?). In samehang hiermee dui SASKOK (2011b) aan dat daar 'n tekort aan sportspesifiek opgeleide afrigters in skole bestaan. Uit Figuur 3.2 en Figuur 3.3 is dit duidelik dat nie alle sportsoorte dieselfde verteenwoordiging of prioriteit by die verskillende tipes skole geniet nie. In die lig van SRSA se oogmerk dat daar opgeleide afrigters by alle skole moet wees wat die prioriteitsportsoorte kan afrig (SRSA, 2012), behoort hierdie situasie in die betrokke skole aandag te geniet.

Op grond van die gebrekkige afrigtingsondervinding wat in Figuur 3.3 uitgewys is, kan afgelei word dat sportdeelnemers in skole blootgestel word aan onderwyser-afrigters wat nog nie die nodige afrigtingsvaardighede ontwikkel het om in uitnemende afrigters te ontwikkel nie (Lynch en Mallett, 2006). Hierdie bevinding stem ooreen met SASKOK (2011b) se siening dat daar nie kwaliteit en opgeleide afrigters op ontwikkelingsvlak diens doen nie. Die gemiddelde onderwyser-afrigter in hierdie studie het slegs aan 2.2 sportsoorte deelgeneem (Figuur 3.4), terwyl ruim deelname aan sport as 'n maatstaf vir uitnemende afrigting gestel word (Lynch en Mallett, 2006).

Uit die resultate wat in Figuur 3.5 aangebied is, is dit kommerwekkend dat die meerderheid onderwyser-afrigters met minder as 10 jaar afrigtingservaring as mentors vir ander afrigters optree. Die meerderheid onderwyser-afrigters wat mentorskap ontvang, het ook minder as 10 jaar afrigtingservaring. Dit beteken gevolglik dat onervare afrigters as mentors optree teenoor ewe onervare beginner-afrigters. Dit het tot gevolg dat daar die nodige oordrag van afrigtingskennis en -ervaring tussen afrigters nie noodwendig voorkom nie wat, volgens Day (2011), as nadelig vir die voortbestaan van die afrigtingsgemeenskap beskou moet word.

Wat voortgesette afrigtersopleiding betref, is gevind dat die meerderheid onderwyser-afrigters wat geen verdere afrigtingsinligting ingewin het nie, minder as 10 jaar afrigtingservaring het. Hierdie tendens word verduidelik aan die hand van Vargas-Tonsing

(2007) se studie wat uitwys dat vrywillige afrigters van jeugsport geneig is om slegs verdere opleiding te ondergaan indien die formele struktuur(ure) waaraan hulle verbonde is dit van hulle verwag.

In bogenoemde bespreking is daar aangedui dat daar in die betrokke streek van die Noordwes-provinsie 'n tekort aan ervare afrigters by al die gemelde prioriteitsportsoorte voorgekom het. Onderwyser-afrigters verlang ook kwaliteit mentorinteraksie asook resente en kwaliteit afrigtingsinligting om as afrigters ook te kan ontwikkel. In die lig van die nasionale direktief (SASKOK en SRSA) oor die behoefte en noodsaaklikheid van opgeleide afrigters op hierdie vlak, behoort onderwyser-afrigters in hierdie streek van die provinsie en waarskynlik ook op 'n wyer terrein, derhalwe aangemoedig te word om by sportafrigting betrokke te bly en kennis wat opgedoen word oor skooltipes en afrigtingsvlakke heen te deel. Die resultate van hierdie navorsing is waarskynlik ook van kardinale belang om die impak hiervan op die voortbestaan van die skole-afrigtingsgemeenskap in die betrokke streek van die Noordwes Provinsie aan te dui ten einde te probeer help om kwaliteit afrigters en deelnemers vir die toekoms te ontwikkel wat sal inpas by die nasionale afrigtingsraamwerk van Suid-Afrika.

Bibliografie

- Camiré, M. (2012). Vraelys [e-pos]. 21 November 2011
- Day, D. (2011). Craft coaching and the discerning eye of the coach. *International Journal of Sport Science and Coaching*, 6(1), 179-195.
- DeWeese, B.H. (2012). Defining the constructs of expert coaching: A Q-Methodological study of Olympic sport coaches. Raleigh: North Carolina State University. (Unpublished PhD-dissertation).
- Ellis, S.M. & Steyn, H.S. (2003). Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management dynamics*, 12(4), 51-53.
- Forneris, T., Camiré, M. & Trudel, P. (2012). The development of life skills and values in high school sport: Is there a gap between stakeholder's expectations and perceived experiences? *International Journal of Sport and Exercise Psychology*, 10(1), 9-23.
- Gratton, C. & Jones, I. (2010). *Research methods for sport studies*. (2nd ed.). Madison Avenue, NY: Routledge.
- Lynch, M. & Mallett, C. (2006). Becoming a successful high performance track and field coach. *Modern Athlete and Coach*, 44(2), 15-20.
- Martindale, R. J. J., Collins, D. & Abraham, A. (2007). Effective talent development: The elite coach perspective in UK sport. *Journal of Applied Sport Psychology*, 19(2), 187-206.
- Nash, C. S. & Sproule, J. (2009). Career development of expert coaches. *International Journal of Sport Science and Coaching*. 4(1), 121-138.
- NASPE (National Association for Sport and Physical Education). (2008). *National Coaching Report*, VA: Reston.

- NSW (New South Wales). (2012). Government Office of communities: Sport and Recreations. *Coach Education (online)*, at <http://www.dsr.nsw.gov.au/coaching/education.asp>. September 2012
- Rajput, D. I. & Van Deventer, K. J. (2010). An epoch of controversy within physical education and sport in post-apartheid South-Africa: A review. *African Journal for Physical, Health education, Recreation and Dance*, 16(1), 147-165.
- SASKOK (Suid Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee). (2011a). "South African sport for life: A model for developing long-term participant development. Building pathways for transforming sport in South Africa." *SASCOC* at http://www.srsa.gov.za/MediaLib/Home/DocumentLibrary/SA%20Sport%20for%20Life%20-Nov_-10_2011.pdf. June 2012.
- SASKOK (Suid Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee). (2011b). "South African coaching framework consultation document: Model for long term coach development." *SASCOC* at <http://hp.sascoc.co.za/the-south-african-coaching-framework/>. November 2011.
- SRSA (Sport en Rekreasie Suid Afrika). (2011). *Strategic plan 2011-2015*, Pretoria: Sport and Recreation South Africa (SRSA).
- SRSA (Sport and Recreation South Africa). (2012). "NSRP (National Sport and Recreation Plan)." *SRSA* at <http://www.srsa.gov.za/pebble.asp?relid=1439>. June 2012.
- Vargas-Tonsing, T. M. (2007). Coaches' preferences for continuing coaching education. *International Journal of Sports Science and Coaching*, 2(1), 25-35.
- Vosloo, J.J. (2007). Bestuursopleiding vir skolesport in Gauteng. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. (Ongepubliseerde M-tesis).
- Young, B. W., Jemczyk, K., Brophy, K. & Côté, J. (2009). Discriminating skilled coaching groups: Quantitative examination of developmental experiences and activities. *International Journal of Sports Science and Coaching*, 4(3), 397-414.



Hoofstuk 4

Samevatting, gevolgtrekking, aanbevelings en tekortkominge

4.1	SAMEVATTING	59
4.2	GEVOLGTREKKINGS.....	61
4.3	AANBEVELINGS	62
4.4	TEKORTKOMINGE	63

4.1 SAMEVATTING

Die toenemende druk vir internasionale prestasie op die sportveld lei tot die aandrag op doeltreffende afrigting en sporttalentontwikkeling vir die toekoms. Uit die literatuur wat hier bestudeer is, is aangetoon dat die sportdeelnemer van skoolvlak af reeds oor die langtermyn ontwikkel moet word. Dit het tot gevolg dat die deelnemer reeds op skoolvlak aan uitnemende en doelgerigte afrigters/afrigting blootgestel moet word. Dit blyk egter dat in hierdie streek, soos oorwegend in die res van Suid-Afrika, sportafrigting op skoolvlak hoofsaaklik deur vakonderwysers waargeneem word.

Die probleem, doelstellings en hipoteses van hierdie studie is deeglik in hoofstuk 1 uiteengesit. Die probleemstelling het aangedui dat afrigters formele sportspesifieke opleiding moes ondergaan, uitgebreide afrigtings- en deelnemerervaring moet hê, mentorinteraksie moet ervaar en ook deurlopend sportgerigte voortgesette opleiding en inligting moet verkry om sodoende hulle vaardighede as afrigters te verbeter.

Die literatuur wat met betrekking tot sportafrigting bestudeer is, is in Hoofstuk 2 vervat onder die opskrif: “Die belangrikheid en waarde van opleiding, ervaring en mentorinteraksie van sportafrigters op skoolvlak”. Die doel van die literatuurstudie was om eerstens ’n historiografiese oorsig van sport en sportafrigting in Suid-Afrikaanse skole te gee. Die elemente van belang in afrigting is daarna ondersoek. Laastens is ’n oorsig van die invloed van die sportafrigter op die ontwikkeling van die deelnemer gegee. Die oorsig het uitgewys dat indien onderwyser-afrigters nie aan die vereistes van ’n optimale afrigter voldoen en langtermynontwikkeling van deelnemers nie prioriteit-aandag geniet nie, dit potensieel verreikende gevolge vir Suid-Afrikaanse elite-sport kan inhou.

Die resultate van hierdie studie is in twee artikels opgeneem en in Hoofstukke 3 en 4 vervat. Die eerste artikel (Hoofstuk 3) is getitel “Die stand van onderwyser-afrigters se sportspesifieke opleiding, afrigtings- en deelname-ervaring in sportafrigting”. Die doel van hierdie artikel was om eerstens die huidige stand van sport-spesifieke opleiding van onderwyser-afrigters by enkele gekose skole in die Kenneth Kaunda- streek van die Noordwes Provinsie te rapporteer. Tweedens is hierdie onderwyser-afrigters se praktiese afrigtingservaring ondersoek en laastens is hul deelname-ervaring aan die hand van die vraelys vasgestel. Hierdie ondersoek het uitgelig dat slegs ses uit die twaalf prioriteitsportsoorte wat by dié skole afgerig word, opgeleide onderwyser-afrigters het. Die meerderheid afrigters wat wel opleiding ontvang het, het dit meer as vyf jaar gelede ontvang. Die meerderheid afrigters het minder as 10 jaar afrigtingservaring en ook minder as 10 jaar deelnemerservaring. Verder is aangetoon dat plaas- en township-skole ’n groter tekort aan sportspesifiek opgeleide afrigters by die gewildste sportsoorte (atletiek, netbal en sokker) het. Die afrigters se afrigtingsondervinding is meestal slegs op skoolvlak opgedoen. Onderwyser-afrigters het derhalwe ’n tekort aan gehalte praktiese, regte-wêreld ondervinding van sportafrigting. Deelnemers in hierdie streek van die Noordwes Provinsie ondervind tans beperkte blootstelling aan sportsoorte. Die afrigting van sportsoorte wat wel deur onderwyser-afrigters waargeneem word, is potensieel substandaard. Hierdie tendens kan vêrreikende gevolge vir die toekoms van elite-sport in Suid-Afrika inhou.

